

**Swart ekonomiese bemagtiging: 'n Suid-  
Afrikaanse arbeidsregtelike perspektief**

**Skripsie ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van  
die graad *Magister Legum* (Arbeidsreg) aan die  
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)**

**deur**

**Morkel Steyn**

**Studieleier: Adv PH Myburgh**

**2004**

## BEDANKINGS

Graag wil ek die volgende persone bedank vir hul bydrae tot die skryf van hierdie skripsie:

- 1 My studieleier, Advokaat P.H. Myburgh (oom Piet), vir sy goeie raad en hulp.
- 2 Professor A.L. Stander vir haar hulp met die skryf van die navorsingsvoorstel.
- 3 My hele familie, in besonder my vader vir sy aanmoediging en bystand die afgelope vyf jaar.
- 4 Me Doepie de Jongh vir die nagaan van die stylvereistes.
- 5 Me Christine Bronkhorst vir die finalisering van die bronne.
- 6 Me Hendra Schoeman vir die taalversorging.
- 7 Ten laaste, my Hemelse Vader vir die geleentheid wat aan my gegun is, sonder Sy genade is ek tot niks in staat nie.

**Ons vordering moet gemeet word nie aan die mate waarin ons  
byvoeg by die oorvloed van die wat baie het nie, maar aan  
die vraag of ons genoeg voorsien aan die wat min het.**

**- Trevor Manuel, Minister van Finansies**

## **Summary**

The concept of black economic empowerment is much wider than the area presented in this dissertation. The objective of this dissertation is to give a presentation of how black economic empowerment affects business life in general. It is said that black economic empowerment must be taken most seriously by all relevant parties not only for the sake of the restructuring of the society in South Africa, but also to insure future survival of companies in the country. The government of South Africa has also given its firm support to black economic empowerment as an essential part of the recovering of the social society in South Africa. Given the specific history of the country, it is understandable that black economic empowerment will play such a huge role in the restructuring of the country. It is my wish that this dissertation will assist many companies in this very complex concept of black economic empowerment.

## INHOUDSOPGAWE

1	Inleiding.....	1
1.1	Beperkinge .....	2
2	Konteks.....	2
2.1	Historiese konteks .....	2
2.2	Die evolusie van swart ekonomiese bemagtiging .....	3
2.3	Algemene aspekte.....	5
2.4	Bemagtigingsvergelyking .....	9
2.4.1	Suid-Afrika.....	9
2.4.2	Verenigde State van Amerika.....	9
2.4.3	Maleisië.....	10
2.4.4	Die huidige konteks .....	10
3	Konstitusionele grondslag vir swart ekonomiese bemagtiging .....	10
4	Regeringsbeleid.....	11
4.1	Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP).....	11
4.2	Growth, employment and redistribution – 'n Makro-ekonomiese Strategie (GEAR) .....	12
5	Regeringsmaatreëls om bemagtiging te bestuur .....	12
5.1	Herstrukturering en privatisering van staatsbeheerde ondernemings.....	12
6	Die finansiële struikelblok .....	13
6.1	Finansiering van bemagtiging sake .....	13
6.2	Special Purpose Vehicle - SPV .....	14
7	Die verskillende fases van bemagtiging .....	15
7.1	Die eerste fase van bemagtiging.....	16
7.2	Die tweede fase van bemagtiging.....	16
8	'n Oorsig ten opsigte van die <i>Broad-Based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003</i> .....	17
8.1	Kodes van Goeie Praktyk in terme van die wet.....	18
8.2	Die Mynsektor-handves .....	19
8.3	Die Finansiële sektor handves.....	20
8.3.1	Die finansiële sektor-telkaart en hoe punte toegeken word .....	21
8.3.1.1	Die telkaart .....	21
8.3.2	Verduideliking van die Finansiële sektor handves en telkaart .....	26

8.3.2.1	Bemagtigingsfinansiering (22 telkaart punte) .....	26
8.3.2.2	Besit en beheer (22 telkaart punte) .....	27
8.3.2.3	Menslike hulpbronontwikkeling (20 telkaart punte).....	27
8.3.2.4	Toegang tot finansiële dienste (18 telkaart punte).....	28
8.3.2.5	Verkryging (15 telkaart punte) .....	28
8.3.2.6	Korporatiewe Sosiale Belegging (3 telkaart punte).....	29
8.4	Opsomming ten opsigte van die Finansiële sektor handves .....	29
8.5	Samevatting van die wet.....	30
8.6	Hoe voldoening aan die wet verseker sal word.....	30
9	Arbeidsregtelike wetgewing .....	31
9.1	Die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 .....	31
9.1.1	Die voorkoming van onbillike diskriminasie .....	32
9.1.2	Regstellende aksie.....	32
9.2	Skills Development Act 97 of 1998 .....	36
10	"Window-Dressing" .....	36
10.1	Waarom maak besighede van "window-dressing" gebruik?.....	37
10.2	Die regering se rol ten opsigte van "window-dressing" .....	37
10.3	Vaardigheidstekort.....	38
11	Toekoms .....	38
11.1	Die toekoms van swart ekonomiese bemagtiging .....	38
12	Aanbevelings aan maatskappye .....	40
12.1	Die keuse van 'n bemagtigingsvennoot.....	40
12.2	Swart ekonomiese bemagtiging as 'n besighedsnoodsaaklikheid .....	41
12.2.1	Swart ekonomiese bemagtiging as 'n mededingende voordeel .....	41
12.3	Transformasie binne die maatskappy .....	42
13	Slot.....	42
	Bibliografie.....	45
	Grondwette .....	45
	Wette .....	45
	Regeringsdokumente.....	45
	Literatuur .....	46
	Skryfstukke.....	47
	Tydskrifte .....	48
	<i>Financial Mail</i> .....	48

Finance Week .....	49
<i>Newsweek</i> .....	49
Koerante .....	50
<i>Business Day</i> .....	50
<i>The Star</i> .....	50
Internet.....	50

# 1 Inleiding

Sedert die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994, is swart ekonomiese bemagtiging hoog op die agenda van die regering. Die regering van Suid-Afrika erken dat die meerderheid van die mense in Suid-Afrika dekades lank verhoed is om deel te neem aan die georganiseerde gemeenskapslewe en ekonomiese aktiwiteite. As gevolg van diskriminerende wetgewing en praktyke het daar strukture en patrone ontstaan wat nie verdwyn deur bloot die betrokke wetgewing te herroep nie. Swart ekonomiese bemagtiging het 'n groot rol om te speel in die transformasieproses wat daarop gerig is om die ongelykhede van die apartheidsbedeling reg te stel. Die aktiewe, gelyke verdeling van rykdom vorm deel van die regering se beleid wat geag word nodig te wees vir die nuwe demokratiese proses in Suid-Afrika en om uitvoering te gee aan die gelykheidsklousule van die Grondwet.

Swart ekonomiese bemagtiging word op verskeie maniere in Suid-Afrika bevorder. Behalwe vir wetgewing, word daar ook klem gelê op die aanpasbaarheid van besighede en maatskappye by die beginsels van swart ekonomiese bemagtiging. Hierdie aanpasbaarheid is van groot belang vir besighede omrede dit die verkryging van staatskontrakte, lisensies en finansiële bystand bepaal. Dus is dit noodsaaklik vir alle maatskappye om die konsep en implikasies van swart ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika te verstaan. Deur die loop van die skripsie sal die noodsaaklikste elemente van swart ekonomiese bemagtiging aangespreek word.

Die probleemstelling, naamlik **Wat behels swart ekonomiese bemagtiging en gaan dit gelykheid tot gevolg hê?** sal dus in hierdie skripsie aangespreek word deur klem te lê op die volgende:

- 1 Wat is die inhoud van swart ekonomiese bemagtiging en wat is die doel wat daarmee bereik moet word?
- 2 Hoe word die sakewêreld en die ekonomie oor die algemeen beïnvloed?
- 3 Hoe behoort die sakewêreld swart ekonomiese bemagtiging te benader?

- 4 Wat word verstaan onder die regulerende raamwerk?
- 5 Bestaan daar ander redes, behalwe wetgewende, om swart ekonomiese bemagtiging te bevorder en tot watter mate bemagtiging uitvoering gaan gee aan die gelykheidsklousule van die Grondwet?
- 6 Die effek van swart ekonomiese bemagtiging op gelykheid binne die Arbeidsregtelike raamwerk.

### ***1.1 Beperkinge***

Die konsep van swart ekonomiese bemagtiging strek baie wyer as dit wat in hierdie skripsie behandel word. Met die skryf van hierdie skripsie word daar egter gepoog om die effek van swart ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika op die sakewêreld weer te gee.

## **2 Konteks**

### ***2.1 Historiese konteks***

Die geskiedenis van die apartheidstaat kan beskryf word as die institusionele ontwapening van die swart bevolking. Daar is gediskrimineer teenoor swart Suid-Afrikanners deurdat hulle wetlik verban was van enige politieke deelname. Die belangrikste doel van apartheid was om swart entrepreneurskap te onderdruk sodat die blanke ekonomie beskerm en bevorder kon word.

Die effek van die apartheidspolitiek was ramspoedig vir swart besighede en vir die menslike kapitaal wat nodig was vir selfvoldoening, sosiale ontwikkeling en ekonomiese vooruitgang in die moderne samelewing en sodoende het dit aanleiding daartoe gegee dat Suid-Afrika een van die lande met die mees ongelyke verdeling van inkomste ter wêreld is. Dit is hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat die swartmense 'n baie lae deelname aan die ekonomie het. Vir baie swartmense in Suid-Afrika is die enigste verskil in hul bestaan vandag, teenoor die van apartheid, die verbetering van hul regstatus.

Alhoewel die apartheidsera iets van die verlede in Suid-Afrika is, bepaal ras en kleur nog steeds die ekonomiese en sosiale strukture van die gemeenskap.<sup>1</sup>

## 2.2 *Die evolusie van swart ekonomiese bemagtiging*

Daar bestaan baie verwarring oor die konsep van swart ekonomiese bemagtiging. Verskillende mense en instellings definieer dit op verskillende maniere en heg verskillende betekenis daaraan wat aanleiding daartoe gee dat die definisie van tyd tot tyd verander. Swart ekonomiese bemagtiging, regstellende aksie, nasionale ekonomiese bemagtiging en ontwikkeling is almal verskillende terme wat gebruik is in die 1980's en daarna en wat dieselfde beteken het.

Swart ekonomiese bemagtiging kan vandag beskryf word as die proses wat gemik is op die aanspreek van ongelykhede in die eienaarskap en beheer van Suid-Afrikaanse ekonomiese hulpbronne, deur die bevordering van swart deelname aan alle vlakke van die ekonomie. Dit behoort bereik te word deur werkskepping, armoede verligting, spesifieke maniere om swart vroue te bemagtig, opvoeding, bestuursontwikkeling, betekenisvolle eienaarskap en toegang tot finansiële bystand.<sup>2</sup>

Swart ekonomiese bemagtiging kan ook gesien word as 'n manier om die ekonomie te bevorder en sodoende groei in die land te stimuleer deur die betrekking van die ekonomiese potensiaal van die swart populasi<sup>3</sup>. Die transformasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap behoort te versnel en bemagtiging speel 'n groot rol in baie van die regering se doelstellings. Die regering maak toenemend gebruik van sy wetgewende bevoegdheid en koopkrag om swart ekonomiese bemagtiging te bevorder.<sup>4</sup> Die historiese ontwikkeling van swart ekonomiese bemagtiging kan in

- 
- 1 Suid-Afrika is twee nasies in een – die een blank en bevoorreg en die ander swart en minder bevoorreg.
  - 2 Ndebele 2000 *Enterprise* 35-36 46.
  - 3 Mazwai 2000 *Enterprise* 10.
  - 4 BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004].

verskeie gebeure sedert 1990 aangetref word en die vordering wat met swart bemagtiging gemaak is, blyk duidelik uit die gebeure wat hieronder aangedui word:

In 1990 sê die African National Congress hul steun toe aan regstellende aksie deur dit deel te maak van hul grondwet. Tydens die African National Congress se konferensie te Port Elizabeth in Oktober 1991 stel Nelson Mandela dit dat regstellende aksie 'n morele doelwit van die African National Congress is, terwyl Albie Sachs, die African National Congress se grondwetlike kenner, teikens eerder as kwotas voorstel.

Gedurende 1993 reik die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer 'n beleid ten opsigte van regstellende aksie uit waarin hulle regering sinmenging verwerp. In 1994 stel die African National Congress hul laaste Heropbou en Ontwikkelingsprogram op waarin daar min melding gemaak word van regstellende aksie. Geskiedenis word in April van hierdie jaar gemaak toe Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing plaasvind. In 1996 kom die *Growth Equity and Redistribution Policy* tot stand en visiepresident Thabo Mbeki stel dit dat hierdie beleid nie onderhandelbaar is nie. Tydens die African National Congress se nasionale konferensie te Mafikeng in Desember 1997 word daar 'n breë definisie aan swart ekonomiese bemagtiging verleen.

1998 begin met die inwerkingtreding van die *Wet op Gelyke Indiensneming 55* van 1998. Die jaar word ook gekenmerk deur die val van bykans 50% in waarde van die Johannesburgse Aandelebeurs en bemagtigingsooreenkomste lei die ergste daaronder. In Mei van hierdie jaar word die Swart Ekonomiese Bemagtigings Kommissie gestig onder leiding van Cyril Ramaphosa. Die *National Empowerment Fund (NEF)* sien ook in hierdie jaar die lig en het ten doel om aandele in hergestruktureerde besighede aan vorige benadeelde Suid-Afrikaners te gee.

Gedurende Julie 2002 word die jaar 2014 gestel as die 'effektiewe' deelname van swartmense in die Suid-Afrikaanse ekonomie. In Oktober 2002 word die Mynindustrie-handves bekend gemaak, maar in Februarie 2003 verklaar president Thabo Mbeki dat die regering nie bemagtigingsvereistes vir elke sektor daar sal stel

nie. Terselfdertyd word daar R 10 biljoen opsy gesit vir swart ekonomiese bemagtiging oor die volgende vyf jaar. Die liggaam wat uiting hieraan sal gee, is die *National Empowerment Fund*. In dieselfde jaar stel die regering hul strategie vir Breë-Gebaseerde Ekonomiese Bemagtiging bekend. Kort op die hakke van die Mynindustrie-handves, presies 'n jaar later (Oktober 2003), volg die Finansiële sektor handves ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging.

Die wet wat die meeste gevolge inhou vir maatskappye en besighede, die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act 53* van 2003, tree in werking in Januarie 2004. Hierdie wet hou verskeie gevolge in vir die betrokke instansies en word elders in hierdie skripsie volledig bespreek.

### 2.3 *Algemene aspekte*

Die optimiste is van mening dat swart ekonomiese bemagtiging so suksesvol is en dat daar nog nooit in die geskiedenis van die wêreld ekonomie so 'n spoedige oordrag van ekonomiese bates van een rassegroep na 'n ander plaasgevind het nie. Daarteen sê die pessimiste dat swart ekonomiese bemagtiging slegs 'n front is. Volgens een swartbesigheidsman is dit slegs 'n groot verkullery.<sup>5</sup>

Sommiges argumenteer dat ekonomiese groei slegs sal plaasvind indien die regering se beleid aangaande regstellende aksie en gelykheid herroep word en besighede sodoende winsgewendheid kan nastreef sonder inmenging. Ander argumenteer weer dat ekonomiese groei slegs sal plaasvind indien die vorige benadeelde persone binne die hoofstroom geplaas word en daar herverdeling van rykdom plaasvind. Daar is baie gronde vir hierdie argumente, maar wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat regstellende aksie en ander wetgewing daargestel is om die ekonomiese samestelling van die land te verander en demokrasie te verdiep, deur te verseker dat swartmense deelneem aan die land se groei en die vorming van sy toekoms.<sup>6</sup> Dit is 'n kwessie aangaande demokrasie, die

---

5 Gqubule & Mazwai *Financial Mail* 24 September 1999 60-62.

6 Sibuyi *Business Day* 8 November 2000 14.

wegdoening van apartheid en die vervulling van verwagtinge wat geskep is deur hierdie nuwe demokratiese bedeling.

Rassisme in al die sektore van die samelewing belemmer die effektiewe funksionering van die ekonomie in Suid-Afrika. Dus word daar geglo dat swart ekonomiese bemagtiging nodig is om 'n nie-rassistiese en effektiewe ekonomie daar te stel.<sup>7</sup>

Die regering van Suid-Afrika sien swart ekonomiese bemagtiging nie net as 'n instrument om bemagtiging van die vorige benadeelde individue te verseker nie, maar ook as 'n werktuig om Suid-Afrika deel te maak van die internasionale ekonomie. Om daarmee te slaag is dit onverstaanbaar dat die meerderheid van die bevolking nie by die land se ekonomie betrek word nie. In hierdie konteks is dit duidelik dat swart ekonomiese bemagtiging nie net 'n saak van gelykheid is nie, maar ook 'n saak van die oorlewing van Suid-Afrika in die internasionale ekonomie.<sup>8</sup>

Teenstanders gaan van die standpunt uit dat swart ekonomiese bemagtiging slegs gelei het tot swart verryking van 'n klein groep swartmense in plaas daarvan dat die swart bevolking in die breë bemagtig is. Verryking vind definitief plaas en daarom word daar gesê dat swart ekonomiese bemagtiging slegs tot voordeel is van die wat baie ryk wil wees en van die res van die samelewing vergeet. Ten spyte van die foute, is daar wel suksesverhale wat 'n groot rol in die opkoms van die swart gemeenskap speel. Die sukses van sommige swart besigheidsmense het die res van die swart bevolking aangemoedig en die illusie dat besigheidsukses slegs 'n blanke verskynsel is, finaal afgebreek.<sup>9</sup> Om swart ekonomiese bemagtiging totaal en al af te skiet omrede 'n paar mense hul verryk het met die aanvang daarvan, is onredelik. Swart ekonomiese bemagtiging het ten doel om die lewenstandaard van die

---

7 Ndebele 2000 *Enterprise* 35-36 46.

8 Dr Themba Mhlongo, Chief Director: Industry & Technology Strategy, Department of Trade and Industry, 28 November 2000.

9 TIPS Annual Forum "Growth and Investment in South Africa", Johannesburg, 21 September 1999.

meerderheid van Suid-Afrikaners te verbeter. Hierdie is 'n proses wat tyd gegun moet word om resultate te wys. Daar moet in gedagte gehou word dat die eerste paar jaar na die demokratiese verkiesing gekenmerk word deur privaatmaatskappye wat polities korrekte eienaarskap wou bekom. Hierdie eerste bemagtigingsooreenkomste was nie gereguleer deur die regering nie, trouens dit het die regering 'n lang tydperk geneem om duidelike bemagtigingsvereistes daar te stel. Dus was die eerste bemagtigingsooreenkomste ongereguleerd en kan dit nie as bewys dien dat die regering se bemagtigingstandpunt net tot voordeel van party strek nie.

Die 'verwagtingsprobleem' is een van die grootste probleme in Suid-Afrika. Dit is die illusie en woede van miljoene Suid-Afrikaners wat verwag het dat hulle probleme sal verdwyn met die koms van politieke vryheid en die afbreek van die apartheidsstelsel. Vir hierdie groep mense is die proses te moeisaam. Terselfdertyd word die verandering as te haastig en as 'n gevaar gesien deur vorige bevoorreedes.<sup>10</sup> Blankes het vrese, swartmense het verwagtinge. Die swart bevolking stel die meerderheid van die stemgeregtigdes daar, die blankes beskik oor die ekonomiese mag in die land. Om te slaag op beide die gebied van regering en swart ekonomiese bemagtiging benodig die regering die steun van die hele bevolking. Dit is noodsaaklik dat die ekonomiese kapasiteit van die blankes in die land bly, maar ook dat die vorige benadeeldes vooruit moet beweeg. Om hierdie rede moet die regering en die korporatiewe samelewing 'n uitweg vind om die benadeeldes te bevorder, maar nie ten koste van die bevoorreedes nie. Die toekoms van Suid-Afrika kan bepaal word deur hoe die regering hierdie aspek hanteer.<sup>11</sup>

Politiese vryheid vir alle Suid-Afrikaners is in 1994 met die eerste demokratiese verkiesing verkry. Swart ekonomiese bemagtiging het ten doel om ekonomiese vryheid te verkry. Die vorige regering het vir 13 persent van die bevolking gesorg,

---

10 The impact of black economic empowerment initiatives, Accountancy and Finance Update, August 1997.

11 CDE debate 19 May 1998, Affirmative action: Is South Africa heading down a route which many Africans Americans are rethinking?

die huidige regering moet vir 100 persent van die bevolking sorg. Die Suid-Afrikaanse ekonomie word beskryf as:

It is premised on the view, and has been for the last 100 years, that a modern industrial economy can be run effectively by 5 percent of the population for the benefit and advancement of 12.8 percent of the population while ignoring the other 87 percent<sup>12</sup>

Wetgewing wat swart ekonomiese bemagtiging bevorder, fokus op ras. Sommige persone, wat swart ekonomiese bemagtiging sien as 'n negatiewe stap, neem die standpunt in dat dit omgekeerde rassisme is wat gebaseer is op dieselfde metodes as die afgeskafte apartheidsisteam. Ongeag dit, om vinnige en doeltreffende resultate te bewerkstellig, kan 'n rasseprobleem net opgelos word deur die gebruikmaking van dieselfde metodes. Om die geskiedenis te herstel, word 'n sisteem benodig wat die geskiedenis erken vir wat dit is. Dit sal onvanpas wees om te sê dat alle persone op dieselfde vlak verkeer noudat statutêre diskriminasie herroep is. Die regering implementeer bemagtigingswetgewing en beleid met die ambisie om 'n nie-rassistiese samelewing te skep. Om 'n probleem aan te spreek deur middel van wetgewing kan 'n teenoorgestelde uitwerking hê as wat bedoel is. Deur wetgewende vereistes op sekere vlakke te stel, kan ook gevare inhou. Indien die wet sê x persent, sal x persent verkry word en niks meer nie. Druk en aansporing deur middel van wetgewing is die enigste opsie om resultate in sekere areas te bewerkstellig. Swart ekonomiese bemagtiging sal te stadig vorder indien dit oorgelaat word aan die ekonomiese mark. Dit is wensdenkery indien daar gedink word dat die ekonomiese mark homself sal rektifiseer bloot deur morele oortuiging en sosiale verantwoordelikheid.

Suid-Afrika se geskiedenis van apartheid is nog vars in die geheue. Mense, blank en swart, het so te sê hul hele lewe afgesonderd en onder verskillende omstandighede en moontlikhede geleef. Dit verg baie durf en waagmoed om jou

---

12      Mon *The Star* 25 October 2000 12.

standpunt aangaande die wêreld waarin jy grootgemaak is, te heroorweeg. Tyd is nodig – persepsies en oortuigings kan generasies neem om te verander.

## **2.4 Bemagtigingsvergeelyking<sup>13</sup>**

Swart ekonomiese bemagtiging is nie 'n unieke verskynsel nie. Verskillende vorme van regstellende aksie het en kom steeds reg oor die wêreld voor.

### **2.4.1 Suid-Afrika**

Bemagtiging is met sukses voorheen in Suid-Afrika toegepas. Die Afrikaners<sup>14</sup> was vanaf 1948 aan bemagtiging onderworpe. Hulle het egter hierdie proses aangepak vanuit 'n baie gunstiger posisie as die van die swartmense in 1994. Die blankes was oor die algemeen meer geleerd as die gemiddelde swart Suid-Afrikaner en hulle het ook die groot kapitale voordeel van grondbesit en besigheidsbesit gehad.

### **2.4.2 Verenigde State van Amerika**

In die vroeë 1970's het die regering van die Verenigde State van Amerika besluit om 'n klas van swart kapitaliste te skep. Die regering was aktief besig om gelyke geleenthede vir swartes te skep. Die moeite van die Verenigde State van Amerika is beloon deurdat die getal besighede wat deur swart persone besit word, gegroei het vanaf 188 000 in 1972 tot 621 000 in 1992.

Die Suid-Afrikaanse situasie verskil egter drasties van die Verenigde State van Amerika. Bemagtiging in die Verenigde State van Amerika was gemik op 'n minderheid, waar dit in Suid-Afrika gefokus is op die meerderheid van die bevolking. Die hulpbronne van Suid-Afrika kan ook nie vergelyk word met die

---

13 BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004].

14 Hiermee word verwys na blanke Suid-Afrikaners.

magdom van die Verenigde State van Amerika nie. Die ekonomiese posisie van swartmense en blankes in die Verenigde State van Amerika bly steeds ongelyk, ondanks 30 jaar van innovasie. Suid-Afrika kan hieruit leer dat regstellende aksie nie genoeg is nie en dat daar ander maniere gevind moet word om die bemagtigingsproses te bevorder.

#### **2.4.3 Maleisië**

As daar na die bevolkings- en inkomste statistiek gekyk word, is Maleisië die relevantste vir Suid-Afrika. In 1969 het die regering die Nuwe Ekonomiese Plan van stapel gestuur. Hierdie plan het ten doel gehad om armoede te verlig, sowel as om gelyke ekonomiese geleenthede aan al die bevolkingsgroepe te verskaf. Veral die Bumiputra<sup>15</sup> het voordeel getrek uit hierdie bemagtiging. Al die bevolkingsgroepe in Maleisië erken dat die bemagtigingsfokus rassekonflik help voorkom het.

#### **2.4.4 Die huidige konteks**

Die bogenoemde bemagtigings het almal baie goed gewerk. Die omstandighede in Suid-Afrika verskil egter aansienlik van die in die Verenigde State van Amerika en Maleisië. Die feit dat bemagtiging hier gemik is op die meerderheid van die bevolking asook die feit dat die vertrekpunte baie meer ongunstig is, maak bemagtiging in Suid-Afrika baie problematies.

### **3 Konstitusionele grondslag vir swart ekonomiese bemagtiging**

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 definieer gelykheid as een van die hoekstene van demokrasie in die land. Terselfdertyd maak die Grondwet voorsiening vir regstellende aksie stappe. Hierdie bepalinge kan as onversoenbaar beskou word. Volgens die skrywers van die grondwet moet

---

<sup>15</sup> 'n Inheemse groep wat voorheen die benadeelde groep was se aandeel in die ekonomie het gegroei vanaf 2.4% in 1970 tot 20.3% twintig jaar later.

regstellende aksie nie gesien word as 'n beperking op die reg tot gelykheid nie, maar eerder as 'n manier om die reg tot gelykheid te verseker.<sup>16</sup>

Hiermee word die wettigheid van regstellende aksie in Suid-Afrika geregverdig. Sekere vrae bly egter bestaan, soos tot watter graad mag wetlike en privaatsektor programme onderneem word sonder dat dit indring teen die grondwetlike beginsel van gelykheid? Dit is as gevolg van hierdie vrae dat die volle inhoud van regstellende aksie nie bepaal sal kan word vir 'n geruime tyd wat volg nie.<sup>17</sup>

## **4 Regeringsbeleid**

Die onderstaande twee programme stel die basis vir die swart ekonomiese bemagtigingsproses daar. Om swart ekonomiese bemagtiging te verstaan, is dit noodsaaklik dat die basiese eienskappe van hierdie twee programme verstaan word.

### **4.1 Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)**

Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram was die kern van die African National Congress (ANC) se verkiesingsbeleid vir die 1994-verkiesing. Dit was die gevolg van onderhandelinge tussen die African National Congress, sy alliansie-vennote en ander groot organisasies.<sup>18</sup>

Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram is 'n geïntegreerde, koherente, sosio-ekonomiese beleidsraamwerk wat poog om al die mense en hulpbronne in Suid-Afrika te beweeg na die beëindiging van die gevolge van apartheid en die opbou van 'n demokratiese, nie-rassistiese en nie-seksistiese toekoms. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram bestaan uit ses basiese beginsels wat 'n koherente program sal verseker. Die eerste is die van 'n geïntegreerde en volhoubare program, om sodoende die werklikhede van apartheid te oorkom. Die tweede is dat die program 'n mensgedrewe proses moet wees. Veiligheid vir almal, nasiebou, die

---

16 Madala 1999 *SMU Law Review* 1542.

17 Ford 1996 *UCLA Law Review*.

18 RDP White Paper, Discussion Document, September 1994, preface 0.2.

samevoeging van heropbou en ontwikkeling en demokratisering in Suid-Afrika vorm die res.<sup>19</sup>

Dit kan soos volg saamgevat word in een sin:

An intergrated programme, based on people, that provides peace and security for all and builds the nation, links reconstruction and development and deepens democracy.<sup>20</sup>

#### **4.2 *Growth, employment and redistribution – 'n Makro-ekonomiese Strategie (GEAR)***

Hierdie is 'n strategie wat op die doelstellings van die Heropbou en Ontwikkelings-program voortbou<sup>21</sup>. Dit het ten doel om die ekonomie te herbou en te herstruktureer. Deur ekonomiese groei wil hierdie strategie werkloosheid verlig, hulpbronne voorsien vir die uitbreiding van sosiale dienslewering en werk tot die gelyke verdeling van inkomste en rykdom. Hierdie strategie dui daarop dat transformasie tot 'n kompeterende ekonomie nodig is vir volhoubare groei op 'n hoë vlak.

Die *GEAR*-beleid het erg onder kritiek deurgeloo. Sommige mense het die regering versoek om die *GEAR*-beleid te herroep, omrede dit gefaal het om dit te bereik wat dit ten doel gehad het, naamlik om ekonomiese groei en die skepping van werkgeleenthede tot gevolg te hê.<sup>22</sup>

### **5 Regeringsmaatreëls om bemagtiging te bestuur**

#### **5.1 *Herstrukturering en privatisering van staatsbeheerde ondernemings***

Sedert die verkiesing in 1994 is die herstrukturering van staatsbeheerde ondernemings (SBO) hoog op die agenda van die regering. Die herstrukturering

---

19 RDP White Paper, 1.3.2-1.3.7.

20 The Reconstruction and Development Programme – A Policy Framework, 1994 1.3.8.

21 Growth, Employment and Redistribution – A Macroeconomic Strategy, June 1996, 1.1.

22 Ndebele & Pungula *Enterprise* November 2000 22.

van staatsbeheerde ondernemings, wat ook privatisering genoem word, word deur die regering gebruik om hul bemagtigingsdoelstellings te bereik. Wanneer bates van strategiese of belangrike openbare dienslewering ter sprake kom, het die regering gepoog om 'n sterk finansiële Strategiese Gelykheidsvennoot (SGV) met baie tegnologiese hulpbronne en kennis op die gebied, te betrek.<sup>23</sup>

Die menigte benaderings van die regering ten opsigte van bemagtigingsvereistes as dit by die herstrukturering van staatsbeheerde ondernemings kom, het erg onder kritiek deurgeloo. Die idee dat staatsbates verkoop word sonder dat dit positief bydra tot enige bemagtiging is ondenkbaar. Die regering se huidige benadering<sup>24</sup> tot die herstrukturering van staatsbeheerde ondernemings word vervat in 'n beleidsraamwerk.<sup>25</sup> Daar word geglo dat die voordele van die herstruktureringsproses meer effektief deur nuwe, kreatiewe en verskillende bemagtigingstrategieë versprei sal word.

## **6 Die finansiële struikelblok**

Die regering se fokus op bemagtiging het aanleiding gegee tot vennootskappe tussen swart maatskappye, wat wou deel hê aan die uitvoerende operasies en blanke maatskappye, wat hul maatskappystatus wou aanpas by die nuwe vereistes. Die opkoms van sulke vennootskappe is egter beperk deur die gebrek aan die nodige kapitaal vanaf die swart maatskappye.

### **6.1 Finansiering van bemagtiging sake**

Een van die grootste struikelblokke van vroeë swart ekonomiese bemagtigingsinisiatiewe was die gebrek aan voldoende kapitaal aan die kant van die swart bevolking. Daar is aan swart beleggers, wat nie oor die nodige finansiële mag

---

23 BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004].

24 Die huidige posisie is dat swart ekonomiese bemagtiging gebruik word as 'n herstrukturingsmeganisme.

25 Ministry of Public Enterprises, An accelerated Agenda Towards the Restructuring of State Owned Enterprises: Policy Framework (Policy Framework for the Restructuring of SOE's).

beskik het nie, die kans gegee om aandele in blanke maatskappye, wat hul bestuursamestelling wou verander, te koop. Finansiële instansies soos beleggingsbankiers, aftreefondse en versekeringsmaatskappye het die transformasieproses gefasiliteer deur verskeie finansiële instrumente, waarvan die Special Purpose Vehicle (SPV) die belangrikste een vorm, beskikbaar te stel.

## 6.2 *Special Purpose Vehicle - SPV*

'n *SPV* is 'n maatskappy wat gestig word deur 'n swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy, met die doel om die aankoop van 'n gelykheidsaandeel in 'n 'teikenmaatskappy' te fasiliteer. Om hierdie rede verskil die vlak en vormvereistes van deelname van swartmense aan die bemagtiging van geval tot geval. Die teikenmaatskappy kan 'n maatskappy wees wat gelys is op die Johannesburgse Aandelebeurs of 'n privaatmaatskappy wat 'n gelykheidsaandeel aan 'n swart vennoot wil verkoop.<sup>26</sup> Aandele in die teikenmaatskappy word selde aangebied teen 'n meer as 10 - 20% afslag op die huidige markverwante prys.<sup>27</sup> Die aansporing vir 'n finansierder om betrokke te raak by die bemagtigingsaak is, behalwe dat dit polities korrek is, om toegang te verkry tot 'n groot aandeel (gewoonlik 10 - 30%) in die maatskappy. Hierdie aandeel is nie verkrygbaar sonder die vennootskap met 'n swart maatskappy nie.<sup>28</sup>

Die swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy bekom die vereiste finansies om die ooreenkoms te finansier gedeeltelik vanaf die finansierders en gedeeltelik deur preferente aandele in die *SPV* aan hulle uit te reik. Die swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy hou 100% van die gewone aandele in die *SPV* en beheer dus die stemme<sup>29</sup>. Die preferente aandele kan te gelde gemaak word na drie tot vyf jaar. Intussen is die finansierder geregtig op 'n vaste dividend in die *SPV*,

---

26 BEE Commission, Draft Discussion Document 45.

27 *Cose Newsweek* 12 Junie 1999 26-27.

28 BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004].

29 Mazwai & Pillay *Enterprise* Julie 2000 28.

gewoonlik uitgedruk in 'n persentasie (60 - 65%) van die prima uitleenkoers.<sup>30</sup> Enige gelykheidsprestasië bereik bo en behalwe hierdie dividend word tussen die swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy en die finansierder verdeel. Die *SPV*-finansieringstruktuur verleen die meeste voordeel aan die finansierder as houër van die preferente aandele. Omrede al die finansiering vanaf die finansierder kom, aanvaar hy ook al die risiko's wat daarmee gepaard gaan.<sup>31</sup>

Die terme van die *SPV* verskil van geval tot geval, maar die basiese filosofie agter die struktuur is die geloof dat die teikenmaatskappy se verdienstepotensiaal en aandeelprys sal styg omrede dit voldoen aan die bemagtigingstatus van die swart groep se deelname. Die struktuur steun op die styging van aandeelwaarde en lae rentekoerse wat die swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy in staat stel om die geleende fondse terug te betaal deur die verkoop van 'n gedeelte van sy aandele as die tydperk van die *SPV* aanbreek.

Alhoewel dit erken word dat die oordrag van eienaarskap op hierdie manier selde volhoubaar is, was daar tog gevalle waar die *SPV* suksesvol was. Die onstabiele mark van 1998 het die tekortkominge in die *SPV*-model uitgelig en gevolglik het die metode ongunstig geword. Die sleutelvraag na hoe om bemagtiging te finansier, bly dus steeds 'n ope vraag.

## **7 Die verskillende fases van bemagtiging**

Gedurende die laaste paar jaar het daar 'n dinamiese bemagtigingsproses plaasgevind waarin daar duidelik onderskei kan word tussen verskillende fases, elk met sy eie karaktereienskappe. Alhoewel baie mense argumenteer dat bemagtiging alreeds sy vierde of vyfde fase bereik het, word dit algemeen aanvaar dat daar nou na die derde fase oorgegaan word.

---

30 Sikhakhane *Financial Mail* 13 November 1998 60.

31 Mazwai & Pillay *Enterprise* Julie 2000 28.

## 7.1 *Die eerste fase van bemagtiging*

Die eerste fase van bemagtiging is gekenmerk deur die aangaan van ooreenkomste. Die fokus was op die verkryging eerder as die skepping van rykdom. Kunsmatige finansiële strukture, soos die *SPV*, het die weg gebaan vir swart gelykheidseienaarskap in blanke maatskappye wat die polities korrekte spel gespeel het en opsoek was na die bemagtigingskenmerk, wat een van die nuwe vereistes was vir die verkryging van staatskontrakte. Dit was ook nie ongewoon van maatskappye om gebruik te maak van 'window dressing'<sup>32</sup> nie. Die streng fokus op gelykheidstransaksies het die bemagtigingseffektiwiteit beperk tot 'n klein groep swartmense. Hierdie groep was alreeds finansiël beter af as die gemiddelde swart Suid-Afrikaner. Dus word daar geglo dat die eerste fase van bemagtiging oorskadu word deur die sogenaamde 'verrykingsproses'. Die suksesvolle opgang van swart maatskappye op die Johannesburgse Aandelebeurs is onderbreek deur die markkrisis in 1998. Polities korrektheid het by die venster uitgegaan as gevolg van die blootstelling van die strukturele swakpunte van vroeë bemagtigingsooreenkomste. Hierdie omstandighede het die belangstelling in die *SPV*-struktuur as die geskikte bemagtigingsmodel weer laat opvlam.<sup>33</sup>

## 7.2 *Die tweede fase van bemagtiging*

Daar kan uit die markkrisis in 1998 geleer word dat daar geen kortpad na werklike bemagtiging bestaan nie. In die huidige fase, ook bekend as die tweede fases van bemagtiging, word daar klem gelê op die aktiewe en toegewyde operasionele deelname, eerder as die blote gelykheidseienaarskap. Na die eerste ongeduldige golf, kan die tweede generasie van bemagtiging beskryf word as 'n stadiger, maar meer betekenisvolle transformasieproses, wat poog om bemagtigingsmaatskappye 'n meer substantiewe en permanente rol in die ekonomie te laat speel.

---

32 Dit is wanneer 'n maatskappy swartmense betrek in hul maatskappy om die skyn te skep dat hul voldoen aan die vereistes van bemagtiging. Hierdeur word die nodige 'bemagtigingstatus' dus verkry.

33 Harris *Enterprise* Oktober 1999 24-26.

Gedurende die eerste fase van bemagtiging was die sukses van bemagtigingsmaatskappye gemeet aan hul teenwoordigheid op die Johannesburgse Aandelebeurs. Hierdie bly steeds 'n belangrike maatstaf, maar daar word al hoe meer besef dat formele beheer nie noodwendig ware bemagtiging tot gevolg het nie. Die klem word nou verskuif vanaf die passiewe beleggingsmaatskappye na die permanente deelname op operasionele vlak, waar bydraes ten opsigte van waardes en vaardighede kan plaasvind. Dus word die gelykheidskontrole op die aandelebeurs nie meer gesien as die standaard waarby bemagtiging staan of val nie.

Die tweede fases van bemagtiging laat die klem al hoe meer op die bevordering van Klein, Medium en Makro Ondernemings (KMMO) en bemagtiging op grondslag-fase val. Dit word nou geglo dat werkskepping, die verbetering van vaardighede en wydgebaseerde ware bemagtiging vanaf klein maatskappye moet kom.<sup>34</sup>

## **8 'n Oorsig ten opsigte van die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003***

Op 7 Januarie 2004 is die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act* deur president Thabo Mbeki onderteken. Hierdie wet baan die weg vir die instel van swart ekonomiese bemagtigingsteikens in alle sektore van die sakewêreld. Voldoening hieraan sal verseker word deurdat swart bemagtiging 'n voorvereiste is vir kontraktuele aangeleenthede aangegaan met die staat en die uitreiking van lisensies. Een van die hoofkenmerke van die wet is die mag wat aan die Minister van Handel en Nywerheid verleen word om Kodes van Goeie Praktyk uit te vaardig en sodoende besighede aan te moedig om die teikens wat ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging gestel word, te bereik. Alhoewel daarin gestel word dat voldoening aan die wet slegs nodig is indien daar kontrakte met die staat aangegaan wil word, of indien lisensies (soos vir dobbelary, mynregte en onginningsregte) bekom wil word, kan daar duidelik gesien word dat die uitreiking van ander Kodes

---

34 Mangcu & Thomas *Enterprise* Junie 2000 39-40.

van Goeie Praktyk voldoening aan die wet aansienlik uitbrei na ander sektore kan uitbrei.

Die wet het 'n nuwe vorm van ingryping deur die staat in die Suid-Afrikaanse ekonomie tot gevolg. Die doel van die wet is om aan swartmense die kans te gee om 'n groter aandeel van die ekonomie te besit en te beheer. Die wet skep 'n raamwerk vir die totstandkoming van Kodes van Goeie Praktyk,<sup>35</sup> ondersteun en bevorder transformasie in sekere sektore<sup>36</sup> en maak voorsiening vir die totstandkoming van 'n Swart Ekonomiese Bemagtigingsraad onder leiding van die president. Hierdie raad adviseer die regering ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging<sup>37</sup> en plaas 'n verpligting op die minister om 'n strategie ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging te publiseer.<sup>38</sup> Bree gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging sluit onder meer die vermeerdering van swartmense wat besighede en maatskappye bestuur, besit en beheer,<sup>39</sup> die vestiging van beleggings in besighede en maatskappye wat deur swartmense besit of bestuur word<sup>40</sup> in.

Die doelstellings van die wet sluit dus die bevordering van ekonomiese transformasie, om sodoende te verseker dat swartmense betekenisvol deelneem aan die ekonomie, asook 'n verandering van die rassesamestelling van die bestuurs- en besitsamestelling van die ekonomie in.

### **8.1 Kodes van Goeie Praktyk in terme van die wet**

Een van die belangrikste aspekte van die wet is die mag wat verleen word aan die minister om Kodes van Goeie Praktyk uit te vaardig ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging. Die kodes sluit die interpretasie en definisie van bree

---

35 Aa 9 en 10 van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*

36 A 12 van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

37 Aa 4, 5, 6, 7 en 8 van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

38 A 11 van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

39 A 1(a) van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

40 A 1(f) van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging en die interpretasie en definisie van verskillende kategorieë van swart ekonomiese bemagtiging in. So ook maniere hoe swart ekonomiese bemagtiging gemeet moet word, die gewig wat aan hierdie maniere van bepaling van swart ekonomiese bemagtiging gegee moet word, riglyne aan aandeelhouders in relevante sektore van die ekonomie ten opsigte van transformasie in hul sektore en enige ander aangeleentheid om uiting aan die doelstellings van die wet te gee.

Die Kodes van Goeie Praktyk kan teikens met inagneming van die wet daarstel en die tydperk waarbinne daaraan voldoen moet word, bepaal. Die Kodes kan verder ook onderskei tussen swart mans en swart vrouens om sodoende geslagsgelykheid te bevorder.<sup>41</sup> Die belangrikste van hierdie Kodes tot dusver is die Kode ten opsigte van die telkaart.

Daar gaan vervolgens eers gekyk word na die rol wat die Mynsektor-handves en die Finansiële sektor handves speel. Beide hierdie afdelings bevat handveste (wat bepaal hoe dit toepassing vind en wat die doelstellings daarvan is) asook telkaarte. Omrede dit 'n baie omvangryke aangeleentheid is, sal daar slegs in kort met die Mynsektor-handves gehandel word, gevolg deur 'n volledig oorsig van die Finansiële sektor handves en sy telkaart.

## **8.2 Die Mynsektor-handves**

Die *Broad-Based Socio-Economic Empowerment Charter of the South African Mining Industry*<sup>42</sup> is op 11 November 2002 onderteken. Die doelstellings van hierdie handves is die volgende: die bevordering van gelyke toegang tot die land se minerale en petroleumhulpbronne vir alle burgers van Suid-Afrika, die uitbreiding van vorige benadeelde persone se reg om voordeel te put uit die ontginning van die land se minerale en petroleumhulpbronne, die bevordering van ekonomiese groei en die ontwikkeling van minerale en petroleumhulpbronne, die bevordering van

---

41 A 9(4) van die *Black Economic Empowerment Act 53 of 2003*.

42 Hierna genoem die handves.

werkgeleenthede en sosiale en ekonomiese regte van alle Suid-Afrikaners en ten laaste, om te verseker dat die houers van ontginningsregte bydrae tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gebiede waarin hulle werksaam is.

Die bogenoemde is slegs 'n kort opsomming van doelstellings van die Mynsektor-handves. Daar sal nou oorgegaan word na 'n volledige bespreking ten opsigte van die Finansiële sektor handves en sy toepaslike telkaart.

### **8.3 Die Finansiële sektor handves**

Die Finansiële sektor Swart Ekonomiese Bemagtigingshandves is 'n handves wat ontwikkel is deur die finansiële sektor vir gebruik deur die finansiële sektor. Hierdie handves is op 17 Oktober 2003 aan die regering voorgelê. Ten spyte van groot kommer dat die handves banke se wins en aandeelhouing negatief sal beïnvloed, was die algemene terugvoer egter positief. Daar word aanvaar dat die handves realistiese doelwitte daarstel en dat dit nie die risiko van handeldryf in die banksektor verhoog nie.

Die doelstellings van die handves is om die volgende areas aan te spreek: die toename aan finansiële dienste vir die wat nie deel is van 'n bank nie, landbouontwikkeling, lae-inkomste behuising, klein en medium swart besighede, swart besit, beheer en bestuur, vaardigheidsontwikkeling en die ontwikkeling van swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappye. Die handves is van toepassing op alle Suid-Afrikaanse transaksies in die finansiële sektor. Die teikens daarin vervat is geldig vanaf 1 Januarie 2004 tot 31 Desember 2014. Finansiële instellings wat gebind word deur die handves moet jaarlikse swart ekonomiese bemagtigingsverslae uitbring, asook 'n geouditeerde telkaart. 'n Middeltermynhersiening van die handves sal in 2009 plaasvind.

Die verwagte voordele van die handves behels die volgende: die werklike fisiese toegang tot die finansiële sisteem vir die armste Suid-Afrikaner, die toewyding van die regering en die finansiëlesektor om lae-inkomstebehuising te voorsien, die indiensneming, opleiding en ontwikkeling van swart personeel op beginnersvlak en

die verpligting van die finansiële dienste industrie deur die handves vir die leen van geld, vaardighede, ondervinding en infrastruktuur vir die ontwikkeling van kleiner, swart maatskappye.

Die suksesvolle implementering van die handves sal egter afhang van 'n aantal voorvereistes wat die volgende insluit: riglyne ten opsigte van wetgewing, die suksesvolle implementering van die *Information and Communications Technology Charter* en voldoende en geskikte ouditeursvaardighede ten opsigte van die telkaart.

### **8.3.1 Die finansiële sektor-telkaart en hoe punte toegeken word**

#### **8.3.1.1 Die telkaart**

Kernkomponent van SEB	Aanwysing	Teiken 2008	Teiken 2014	Finansiële instelling se jaarlikse teiken	Drumpel	Punte	Instelling se jaarlikse telling
<b>Artikel 1 – Paragraaf 5 van die Handves</b>						20	
1.1 Gelyke indiensneming					Industrie 2003-12-31	15	
1.1.1 Seniorbestuur	Swartmense as 'n % van seniorbestuur	Min 20% - 25%				4 (3 by 20% + 1 by 25%)	
	Swart vrouens as 'n % van seniorbestuur	Min 4%	33% van die swart teiken			1	
1.1.2 Middelklasbestuur	Swartmense as 'n % van middelklasbestuur	Min 30%				4	
	Swart vrouens as 'n % van middelklasbestuur	Min 10%	33% van swart teiken			1	
1.1.3 Juniorbestuur	Swartmense as 'n % van juniorbestuur	40% -50%				4 (2.5% by 40%, 0.755 by 45% en 0.75% by 50%)	
	Swart vrouens as 'n % van junior bestuur	Min 15%	33% van swart teiken			1	
1.2 Vaardighedsontwikkeling						5	
1.2.1 Vaardighede bestee	% van salarisse gespandeer pj op vaardighedsontwikkeling van swart werknemers	1.5%			0%	3	
1.2.2 Leerlingskapsprogram	Leerlingskap as % van totale personeel	4.5%			0%	2	

<b>Artikel 2 – Paragraaf 6 en 7 van die Handves: Verkryging en besigheidsontwikkeling</b>		50%	70%			15	
Verkryging					10%		
Verkryging vanaf swart beïnvloede maatskappye en maatskappye wat as "D" gemerk word deur die handves	Teikenverkryging vanaf hierdie maatskappye as 'n totale % van verkryging – verkry as 50% van die Rand gespandeer						
Verkryging vanaf maatskappye wat as "C" gemerk is deur die handves	Teikenverkryging vanaf hierdie maatskappye as 'n % van totale verkryging – verkry as 75% van die Rand gespandeer						
Verkryging vanaf swart bemaagtigde maatskappye en maatskappye wat gemerk is as "B" deur die handves	Teikenverkryging vanaf hierdie maatskappye as % van totale verkryging – verkry as 100% van die Rand gespandeer						
Verkryging van swart KMB, swartmaatskappye, swartvroue-bemaagtigde besighede en maatskappye gemerk as "A" deur die handves	Teikenverkryging verkry vanaf hierdie maatskappye as 'n % van totale verkryging – verkry as 125% van die Rand gespandeer						
<b>Besigheidsontwikkeling: Paragraawe 7.1.1 en 7.1.2 van die Handves</b>							
Besigheidsontwikkeling: beïnvloed deur banke	Rand gespandeer – verkry as 50% van die Rand gespandeer						
Besigheidsontwikkeling: swart bemaagtigde maatskappye	Rand gespandeer – verkry as 100% van die Rand gespandeer						
Besigheidsontwikkeling: swart KMB, <sup>43</sup> swartmaatskappye <sup>44</sup> en swartvroue-bemaagtigde besighede <sup>45</sup>	Rand gespandeer – verkry as 125% van die rand gespandeer						

43 Klein of medium besigheid (met 'n omset wat strek vanaf R 500 000 pj tot R 20 miljoen pj) wat 'n swart maatskappy of swart bemaagtigde maatskappy is.

44 Maatskappye wat deur meer as 50% swartmense besit en bestuur word.

45 Maatskappye wat deur meer as 30% swartvroue besit word en hierdie vroue speel 'n groot rol in die bestuur van die maatskappy.

<b>Artikel 3 – Paragraaf 8 van die Handves</b>						18	
<b>Toegang tot finansiële dienste</b>							
3.1	Besparings tov transaksies, produkte en dienste	Effektiewe toegang as %	80%		70%	4	
3.2	Bankbesparings tov produkte en dienste	Effektiewe toegang as %	80%		70%	4	
3.3	Lewensversekeringsprodukte en dienste	Effektiewe toegang as %	Mbm			12	
3.4	Kollektiewe beleggingsprodukte en dienste	Effektiewe toegang as %	1% plus 250 000		0%	Mbm	
3.5	Korttermyn-risikoversekering	Effektiewe toegang	6%		0%	4	
3.6	Organisering	Organisering van huislenings	Mbm		10% van teiken	4	
		Organisering van landboulenings	Mbm		10% van teiken	2	
		Organisering van swart KMB-lenings	Mbm		10% van teiken	2	
3.7	Verbruikers-opvoeding	% van voorafgaande belastingwins gespandeer pj	Min 0.2%		0%	2	
<b>Artikel 4 – Paragraaf 9 van die Handves</b>						22	
<b>Bemagtigingsfinansiering</b>							
4.1	Teikenbeleggings	Teiken van instelling vir teikenbelegging	Mbm		0	17	
		Instellings se jaarlikse belegging in transformasieinfrastruktuur					
		Instelling se jaarlikse belegging in lae-inkomste behuising					
		Instellings se jaarlikse belegging in swart KMB					

4.2	SEB-transaksiefinansiering	Instellings se teiken vir SEB-transaksiefinansiering	Mbm			0	5	
<b>Artikel 5 – Paragraaf 10 en 11 van die Handves</b>								
<b>Besit en beheer</b>								22
5.1	Besit		25% teen 2010				14	
5.1.1	Indirekte besit. Maks van 4 bonuspunte	Gelyste maatskappye: standaard waardering as % van markkapitaal Nie-gelyste maatskappye: standaard waardering	Min 10% teen 2010			2.5%	12 + 4 bonus	
5.1.2	Direkte of indirekte besit meer as 10%		15% teen 2010				0.5 teen 13.75%, 17.5%, 21.25% en 25%	
5.2	Beheer						8	
5.2.1	Raad						3	
		Swartmense as 'n % van raad van direkteure	33%			20%	2	
		Swartvroue as % van raad van direkteure	Min 11%			0%	1	
5.2.2	Uitvoerend							
	Uitvoerende bestuur	Swartmense as 'n % van uitvoerende bestuur	Min 25%			Industrie teen 2003	4	
		Swartvroue as 'n % van uitvoerende bestuur	Min 4%	33%		Industrie teen 2003	1	
<b>Artikel 6 – Paragraaf 12</b>								
<b>Korporatiewe Sosiale Belegging</b>								3
Korporatiewe Sosiale Belegging	% van belastingwins		0.5%			0%	3	

Die finansiële instelling sal elke jaar gegradeer word nadat die instelling se geouditeerde telkaart goedgekeur is. Die tabel hieronder dui aan hoe die punte soos vervat in die telkaart toegeken word:

Telling %	Gradering	Tenders van die regering	Finansiële instellings se verkryging vanaf die privaatsektor	
		Gewig ontleen vanaf die regering	Waar die verskaffer staan ten opsigte van die handves	Waar die verskaffer staan ten opsigte van besit
< 40%	E	0	0	
40 – 55%	D	25%	50c in die R	Swart beïnvloed <sup>46</sup> – 50c in die R
55 – 70%	C	50%	75c in die R	
70 – 80%	B	75%	100c in die R	Swart bemagtig – 100c in die R
> 80%	A	100%	125c in die R	Swart besit – 125c in die R

### 8.3.2 Verduideliking van die Finansiële sektor handves en telkaart

Die handves bestaan uit ses strategiese boustone. Die verduideliking wat volg sit hierdie boustone uiteen (en dui ook die hoeveelheid punte aan wat aan elkeen volgens die telkaart toegeken word).

#### 8.3.2.1 Bemagtigingsfinansiering (22 telkaart punte)

Die handves stel 'n teiken van R75 biljoen daar vir bemagtigingsfinansiering wat verdeel moet word tussen swart ekonomiese bemagtigingsfinansiering en teikenbeleggings. Swart ekonomiese bemagtigingsfinansiering kan gesien word as die befondsing van swartbesighede om sodoende gelykheid in ander besighede tot gevolg te hê. Teikenbeleggings kan beskryf word as lenings of krediet wat toegestaan word in markte waar daar opeenhopings ontstaan.

Daar word ook krediet aan banke verleen wat vorige bemagtigings gefinansier het. Daar word algemeen aanvaar dat 'n derde (dus R 25 biljoen) van die R 75 biljoen teiken die verantwoordelikheid van die banksektor is. Dus sal die vier

<sup>46</sup> Maatskappye wat tussen 5% en 25% besit word deur swartmense en waarin swartmense deelneem aan die bestuur van die maatskappy.

groot bankgroepe in Suid-Afrika elk meer as R 6 biljoen moet finansier. Die partye tot die handves het hul toewyding tot die vennootskap met die regering bevestig om sodoende die bevordering van hulpbronne vir bemagtigingsfinansiering tot gevolg te hê. Riglyne vir die evaluering van bemagtigingstransaksies sal egter tot stand gebring moet word om suksesvol te wees.

#### 8.3.2.2 Besit en beheer (22 telkaart punte)

Die handves stel 'n minimum teiken van 25 persent aandeelhouding in swart besit teen 2010. Die teiken vir direkte besit word gestel op 10 persent in vergelyking met die indirekte teiken van 15 persent. Die definisie van direkte besit is wyd en sluit die volgende in: vorige swart ekonomiese bemagtigingsfinansieringstransaksies, breë gebaseerde besit<sup>47</sup> en direkte aandeelhouding op enige vlak van 'n besigheid en vennootskappe.

As daar aanvaar word dat die markkapitaal om en by R 100 biljoen is, word daar R 10 biljoen benodig vir die direkte besitteiken van 10 persent. Daar word gestel dat daar deur middel van direkte besit alreeds R 5 biljoen van die banksektor in swart ekonomiese bemagtigingshande is. Die handves stel 'n teiken van 30 persent vir swart ekonomiese bemagtigingsverteenvoordinging op direkteursvlak<sup>48</sup> wat 'n voorvereiste vir enige besitteiken is. Die oordrag van besit is afhanklik van gewillige kopers en verkopers. Dit nie altyd maklik om aan hierdie vereiste te voldoen nie. Indien daar geen gewillige verkopers is nie, sal 'n maatskappy nuwe aandele moet uitreik aan swart ekonomiese bemagtigingsgroepe om sodoende direkte aandeelhoudingsteikens te bereik.

#### 8.3.2.3 Menslike hulpbronnontwikkeling (20 telkaart punte)

Die handves stel teikens vir swart indiensneming op senior-, middel- en junior-bestuursvlak. Swart seniorbestuur tel op die huidige stadium slegs vir 10 persent van die totale vaardighede beskikbaar op daardie vlak. Die handves

---

47 Soos bv. pensioenfondse.

48 Insluitend 'n teiken van 10% swartvroue.

verplig finansiële instellings om 1.5 persent van hul salarisse op die ontwikkeling van swart werknemers te bestee.<sup>49</sup>

Omrede daar relatief baie min swart deelname in die finansiële sektor is, sal dit baie moeilik wees om punte te verdien in die menslike hulpbronaafdeling. Bykans vyf jaar bly oor vir die bereiking van die menslike hulpbron teikens, maar dit moet in ag geneem word dat dit ten minste vier jaar neem om finansiële vaardighede akademies te ontwikkel. Dus sal besighede baie aandag moet skenk aan hierdie aangeleentheid om sodoende vaardighede te ontwikkel vir die medium- tot langtermyn.

#### 8.3.2.4 Toegang tot finansiële dienste (18 telkaart punte)

Die doelstelling van hierdie hoeksteen is tweevoudig: om die voorsiening van effektiewe toegang tot finansiële dienste en produkte aan die laer end van die mark te bevorder en om die kwessie ten opsigte van die mense wat op die huidige stadium nie aan 'n bank behoort nie, aan te spreek.<sup>50</sup>

Toeganklike finansies beteken dat daar 'n outomatiese tellermasjien of tak van 'n bank<sup>51</sup> binne twintig kilometer van die teikengroep moet wees. Banke word egter gewaarsku dat hulle nie die armes moet uitbuit deur middel van oordrewe bankkoste nie.

#### 8.3.2.5 Verkryging (15 telkaart punte)

Daar word van finansiële instellings verwag om klein en medium besighede te help om voordeel te trek uit die teikenverkrygingsprogramme.<sup>52</sup> Verder vereis die handves dat 'n minimum van twee derdes van die totale verkryging gespandeer moet word tesame met swart ekonomiese bemagtigings-

---

49 Swartmense verteenwoordig slegs 10% en swartvroue slegs 1.6% van seniorbestuursposte in 2002 teenoor die teiken van 20% tot 25% en 4% in 2008 onderskeidelik.

50 Op die huidige stadium word hierdie syfer op 17 miljoen volwassenes geskat.

51 Wat geskikte en bekostigbare bankdienste verleen.

52 Hierdie hulp sluit in bystand aan klein en medium swart besighede ten opsigte van tenders in die finansiële sektor.

geakkrediteerde maatskappye.<sup>53</sup> Die oorblywende gedeelte kan verkry word vanaf 'n nie-swart ekonomiese bemagtigingsverskaffer wat egter sy voorraad vanaf 'n swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy moet kry.

Uitgawes aangegaan deur finansiële instellings ten opsigte van informasie tegnologie behels een derde van die verkrygingsuitgawe. Die bereiking van die handves se verkrygingsteikens is dus volkome afhanklik van die suksesvolle implementering van die *Information and Communications Technology Charter* wat huidiglik onder bespreking is.

#### 8.3.2.6 Korporatiewe Sosiale Belegging (3 telkaart punte)

Die handves verwag van banke om 0.5 persent van hul belastingwins af te staan aan korporatiewe sosiale programme op die gebiede van opvoeding, opleiding, ontwikkelingsprogramme, omgewing, werkskepping, kuns en kultuur, gesondheid en sport. Die meeste van die banke het alreeds groot bedrae geld hiervoor bewillig, maar hulle sal egter nog meer moet beskikbaar stel indien hul die teiken wil bereik.

#### 8.4 Opsomming ten opsigte van die Finansiële sektor handves

Die finansiële sektor is pro-aktief besig ten opsigte van die veranderinge wat in Suid-Afrika moet plaasvind. Daar kan geargumenteer word dat as verandering te stadig plaasvind, dit die sektor kan destabiliseer. Daar kan egter ook geargumenteer word dat as verandering te vinnig plaasvind, dit selfs 'n groter risiko vir die stabiliteit van die sektor kan inhou. Dit wil voorkom of die handves die perfekte balans handhaaf deurdat dit erkenning verleen aan die belangrikheid van 'n stabiele en groeiende sektor, asook beginsels ondersteun wat gelykheid bevorder en uitbrei.

---

53 Dit is 'n maatskappy wat deur die handves erken word as 'n SEB-maatskappy of wat geag word dat dit 'n sekere standaard bereik het tov SEB-bydraes gelewer itv die handves se telkaart of akkreditasiesisteem.

### **8.5 Samevatting van die wet**

Die wet, Kodes van Goeie Praktyk en swart ekonomiese bemagtigingstrategie gaan 'n groot uitwerking hê op die toekoms van besighede, ondernemings en maatskappye. Die volgende groot stap wat volg op die inwerkingtreding van die wet is die daarstel van Kodes van Goeie Praktyk wat moontlike teikens daar kan stel. Die inwerkingtreding van transformasie in die myn- en energiesektore, asook die finansiële sektor sal na alle waarskynlikheid tot gevolg hê dat dit sal uitbrei na ander sektore. Die uitbreiding na hierdie ander sektore sal die regering se swart ekonomiese bemagtigingstrategie bevorder en sal 'n groot impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê. Die kwessie ten opsigte van 'window-dressing' sal egter 'n groot struikelblok in die regering se strewe na werklike, effektiewe en volhoubare transformasie in Suid-Afrika wees.

### **8.6 Hoe voldoening aan die wet verseker sal word**

Nie-voldoening aan die wet kan verrykende gevolge inhou vir maatskappye en besighede deurdat hulle: nie staatskontrakte met die regering sal kan aangaan nie<sup>54</sup> en dat hulle nie lisensies toegeken sal word deur die regering nie.<sup>55</sup> Die grootste beperking op die maatskappye en besighede is egter die bepaling ten opsigte van verkryging. Die handves bepaal dat maatskappye twee derdes van hul totale verkryging moet verkry vanaf swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappye. Die oorblywende gedeelte (dus een derde) kan verkry word vanaf 'n nie-swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy (verskaffer). Hierdie nie-swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy (verskaffer) moet egter sy voorraad vanaf 'n swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy (verskaffer) verkry.

Daar kan dus duidelik gesien word dat die tande van die wet (handves) by die bepaling rondom verkryging sit. Deur hierdie bepaling in die handves in te

---

54 Daar word egter gestel dat staatskontrakte oor die algemeen (afhangend van die besigheid of maatskappy) bykans net 1% van 'n besigheid of maatskappy se totale inkomste uitmaak. Daar kan dus gesien word dat hierdie beperking nie 'n groot invloed op maatskappye en besighede sal hê nie.

55 Hierdie lisensies sluit in: dobbelary, myn- en ontginninglisensies.

voeg is daar verseker dat swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappye die genoegsame hulp sal verkry wat hul benodig.

## 9 Arbeidsregtelike wetgewing

As gevolg van apartheid en ander diskriminerende wette en praktyke, het daar ongelykhede ontstaan ten opsigte van indiensneming, beroepe en inkomste vir sekere kategorieë van mense. Die regering se standpunt is dat hierdie aspek nie verbeter kan word deur slegs hierdie diskriminerende wette te herroep nie. Om hierdie rede het die regering besluit om die werksplek te reguleer deur die implementering van verskeie wetgewende maatreëls.<sup>56</sup>

### 9.1 Die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998

Die doel van hierdie wet is om gelykheid in die werksplek te bereik deur die bevordering van gelyke geleenthede en gelyke behandeling ten opsigte van indiensneming. Regstellende aksie maatreëls word ingestel om die benadeling van aangewese groepe aan te spreek. Die doelstelling van die wet is om gelyke verteenwoordiging van alle groepe in alle beroepsvelde en vlakke in die Suid-Afrikaanse werksplek te verseker.<sup>57</sup> Die wet vereis van aangewese werkgewers<sup>58</sup> om regstellende aksie maatreëls te implementeer ten opsigte van aangewese groepe.<sup>59</sup> 'n Werknemer word gedefinieer as enige persoon, behalwe 'n onafhanklike kontrakteur, wat werk vir 'n ander persoon en wat op enige manier help met die uitvoering van die werkgewer se besigheidspligte. Die persoon ontvang of is geregtig op vergoeding.<sup>60</sup>

---

56 Die *Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998* dien as voorbeeld van die regering se implementering van wetgewende maatreëls om sodoende die werksplek te reguleer.

57 A 1(2) van die *Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998*.

58 Vir die doeleindes van hierdie wet word 'n aangewese werkgewer gedefinieer as 'n werkgewer wat 50 of meer werknemers in diens het. Werkgewers wat minder as 50 werknemers in diens het, maar wie se jaarlikse omset meer as die toepaslike jaarlikse omset van 'n klein besigheid is in terme van die Skedule in die wet, is ook 'n aangewese werkgewer. 'n Werkgewer kan ook 'n aangewese werkgewer wees indien hy gebonde gehou kan word aan 'n kollektiewe ooreenkoms wat hom as 'n aangewese werkgewer verbind in terme van die wet. Volgens A 1(1) van die wet is alle munisipaliteite en staatsorgane, met die uitsondering van 'n paar, ook aangewese werkgewers.

59 Volgens A 1(1) van die wet word die term "aangewese groep" gedefinieer om swartes, kleurlinge, Indiërs, vroue en persone met gestremdhede in te sluit.

60 A 1(1) van die *Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998*.

Die wet kan in twee hoofdele verdeel word naamlik die voorkoming van onbillike diskriminasie en tweedens die implementering van regstellende aksie maatreëls.

### 9.1.1 Die voorkoming van onbillike diskriminasie

Daar word van alle werkgewers verwag om stappe te neem om gelyke geleentheid in die werksplek te bevorder. Dit kan gedoen word deur die uitskakeling van onbillike diskriminasie in alle indiensnemingsbeleid en praktyke.<sup>61</sup> Geen persoon mag direk of indirek, onbillik diskrimineer teenoor enige werknemer in enige indiensnemingsbeleid of praktyk nie. Die gronde van diskriminasie sluit die volgende in: Ras, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstatus, familieverpligtinge, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, geloof, HIV-status, oortuiging, politiese opinie, kultuur, taal en geboorte.<sup>62</sup> Die teistering van 'n werknemer word ook geag as onbillike diskriminasie. Al die bogenoemde beskermende maatreëls geld ook vir aansoekers om indiensneming.<sup>63</sup>

Die wet verbied onbillike diskriminasie. Dit kan egter as teenstrydig gesien word met regstellende aksie maatreëls wat deur die wet verplig word. Om hierdie probleem te oorbrug, stel die wet dit duidelik dat maatreëls wat geneem word met die oog op die bevordering van regstellende aksie nie as onbillike diskriminasie gesien moet word nie.<sup>64</sup>

### 9.1.2 Regstellende aksie

Regstellende aksie word in Suid-Afrika toegepas omrede hierdie land een van die mees rassistiese samelewings in die wêreld was. Om hierdie rede verskil die karakter van die regstellende aksie in Suid-Afrika van alle ander regstellende aksie regoor die wêreld. Eerder as om ten doel te hê om geleentheid vir die minderheid te skep, soos dit gewoonlik die geval is, poog regstellende aksie in

---

61 A 2(5) van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.

62 A 2(6) van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.

63 Aa 2(3) en 2(9) *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.

64 A 2(6)(2a) van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.

Suid-Afrika om 'n ekonomie te herskep waarvan die meerderheid van die bevolking verhoed was om enige betekenisvolle rol te speel.

Regstellende aksie word deur baie van die bevoorreedes van die vorige bedeling veroordeel. Hulle beskou regstellende aksie as omgekeerde rassiediskriminasie, wat in teenstelling is met die African National Congress se belofte om nie na die kleur of ras van die persoon te kyk nie. Die African National Congress regering beskou gelyke verteenwoordiging deur middel van regstellende aksie beleid as 'n voorvereiste vir nasiebou.<sup>65</sup>

Die jong, blanke mense van vandag beweer dat hulle die las van historiese ongeregtighede teen swartmense moet dra. Die doel van regstellende aksie is nie om diegene wat deur die apartheidsstelsel bevoorreed is te straf nie, maar om te erken dat baie mense uitgesluit was van deelname aan die samelewing en nie oor gelyke geleenthede beskik het nie. Regstellende aksie het tot gevolg dat hierdie probleem op 'n aktiewe manier aangepreek kan word. Dit is 'n feit dat die meeste blankes, ongeag hul standpunt ten opsigte van rassisme, voordeel getrek het uit die rassistiese bedeling wat in Suid-Afrika toegepas was. Blankes moet beseft dat rassisme nie verdwyn het met die oorgaan na 'n nuwe bedeling nie en dat dit nog steeds vervat is in die land se samelewing en sodoende aangespreek moet word.<sup>66</sup>

Gedurende die eerste fase van bemagtiging is swartmense sonder die nodige kwalifikasies bevorder tot bestuursposisies, terwyl blankes voortgegaan het om die besigheid te bestuur. Dit is gedoen om staatskontrakte te verkry of om openbare verhoudings te bevorder. Hierdie manier van toepassing het egter tot gevolg gehad dat daar 'n wanopvatting ten opsigte van regstellende aksie ontstaan het wat veroorsaak het dat swak opgeleide swart persone in posisie geplaas is wat hulle nie kan hanteer nie. Hierdie opvatting stel egter nie ware regstellende aksie daar nie. Die doel van regstellende aksie is om persone met gepaste kwalifikasies en opleiding te identifiseer en om hulle te help om

---

65 Kanay 2000 *Society* 26.

66 Anon *Finance Week* 8 September 2000 11.

posisies in die sakewêreld te verkry waartoe hulle voorheen verhoed was.<sup>67</sup> Die negatiewe effek hiervan is dat dit kan aanleiding gee tot die persepsie van geregtigheid onder voorheen benadeelde persone. Hierdie persone beseef nie dat hulle nog steeds hul eie toekoms bepaal nie en dat dit nie van die nuwe bedeling afhang om hul te bevorder nie. Nog 'n negatiewe van regstellende aksie is dat persone in die regstellende aksie kategorie hul bekwaamheid sal betwyfel en wonder of hulle op meriete geslaag het en of hul geslag of ras aanleiding gegee het tot hul sukses. Deur 'n produk van regstellende aksie te wees sal, aanleiding gee tot 'n veralgemening ten opsigte van alle swartmense wat aangestel word in 'n posisie, ongeag of hul hierdie posisie bereik het met die hulp van regstellende aksie of daarsonder.<sup>68</sup>

Die instel van 'n sonsondergangsklausule<sup>69</sup> wat die tydperk vir regstellende aksie beperk, word deur die meeste persone verwerp. Sommige ander persone gaan egter van die standpunt uit dat dit 'n goeie idee van die regering sou wees om hul volle doelstellings ten opsigte van regstellende aksie bekend te maak. Die instel van hierdie sogenaamde sonsondergangsklausule vorm nie deel van die regering se toekomstige beplanning nie. Die noodsaaklikheid van 'n tydsraamwerk moet dus gebaseer word op die veronderstelling dat regstellende aksie die moontlikhede van blanke persone ernstig beïnvloed.

Om gelyke indiensneming te bereik, moet elke aangewese werkgewer regstellende aksie maatreëls ten opsigte van aangewese groepe implementeer. Regstellende aksie maatreëls word gedefinieer as 'maatreëls wat verseker dat behoorlik gekwalifiseerde mense van aangewese groepe gelyke geleentheid tot indiensneming het, asook dat hulle gelyke verteenwoordiging op alle beroepskategorieë en vlakke in die werksplek van die aangewese werkgewer geniet'.<sup>70</sup>

---

67 Roberts *Financial Mail* 21 Februarie 2000 18-20 22.

68 Kanay 2000 *Society* 26.

69 Die sogenaamde "sonsondergangsklausule" wat gekoppel kan word aan 'n spesifieke tydsraamwerk of die bereiking van sekere doelwitte.

70 A 3(15) van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.

Die term werknemer word vir die doeleindes van die wet geag behoorlik gekwalifiseerd vir die werk te wees op grond van daardie werknemer se formele kwalifikasies, voorafgaande opleiding, relevante ondervinding of die kapasiteit om binne 'n redelike tydperk die bekwaamheid wat deur die pos vereis word, te bekom. Wanneer 'n werkgever wil bepaal of 'n persoon behoorlik gekwalifiseerd is vir die pos, mag hy nie net op grond van die persoon se gebrek aan relevante ervaring diskrimineer teenoor die persoon nie.<sup>71</sup> Regstellende aksie maatreëls<sup>72</sup> sal dus verseker dat behoorlik gekwalifiseerde persone van aangewese groepe beskik oor gelyke geleenthede en gelyke verteenwoordiging in alle beroepskategorieë in die werksplek.

### **Kritiek teenoor die Wet**

Kritici teen die regstellende aksie aspek van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998 sê dat die wet standarde in die werksplek sal verlaag. Hierdie kritiek word teengestaan deur ander wat meen dat die wet nie 'n verpligting op 'n werkgever lê om 'n nie behoorlik gekwalifiseerde persoon in diens te neem nie. Dus sal standarde nie deur regstellende aksie verlaag word nie. Verdere kritiek teen regstellende aksie is dat die wet kwotas en vaste teikens daarstel en sodoende steeds fokus op ras. Hierdie kritiek kan egter dadelik afgeskiet word omrede die wet juis nie kwotas daarstel nie. Die wet vereis ook nie vaste teikens nie. Elke werksplek stel sy eie teikens, na konsultasie met werknemers en vakbonde, daar.

Dit is waar dat regstellende aksie fokus op ras, maar die noodsaaklikheid vir regstellende aksie oorskadu hierdie negatiewe aspek. Dit is van belang dat

---

71 A 3(20)(3), 3(20)(4) en 3(20)(5) van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998.  
72 Hierdie maatreëls kan die vorm aanneem van 'n Gelyke Indiensnemingsplan. 'n Gelyke Indiensnemingsplan is een van die maatreëls wat gebruik word vir die bereiking van gelykheid in die arbeidsmark. Hierdie Gelyke Indiensnemingsplan het ten doel om redelike vooruitgang tot gelyke indiense neming te bewerkstellig in die werksplek van die werkgever. Hierdie Gelyke Indiense neming plan word geregleer deur die *Wet op Gelyke Indiense neming* 55 van 1998. Omrede hier te min spasie is vir 'n bespreking van so 'n plan, sal daar volstaan word by wat die betrokke wetgewing daarvoor bepaal.

daarop gelet word dat regstellende aksie almal behalwe blanke, nie gestremdes mans insluit.<sup>73</sup>

## 9.2 *Skills Development Act 97 of 1998*<sup>74</sup>

Hierdie wet stel 'n raamwerk daar vir die implementering van 'n nasionale, sektor en werksplek strategie om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werknemers te ontwikkel en te verbeter.

Die doel van die wet is om die vlak van belegging in onderwys en opleiding van die werksmag te verhoog, die kanse op indiensneming van vorige benadeelde persone te verbeter en die benadeling aan te spreek deur middel van opleiding en onderwys. Werkgewers word aangemoedig om die werksplek as 'n aktiewe opleidingsomgewing te gebruik om sodoende die werknemers te voorsien van geleenthede om nuwe vaardighede te bekom asook om nuwe werknemers in die arbeidsmark die kans te gee om ervaring op te doen.<sup>75</sup>

## 10 "Window-Dressing"

'Window-dressing', 'fronting' en 'rent-a-black' is almal verskillende definisies van dieselfde optrede, naamlik dat swartmense hul teenwoordigheid verleen aan blanke besighede en dus 'n front voorhou. Hierdie swartmense word gebruik om aan die besighede 'n kunsmatige swart bemagtigingsamestelling te verleen. Hierdie optrede gee aanleiding tot baie probleme. In die meeste gevalle word die swart aandeelhouers nie betrek by die operasionele vlak van die besigheid nie en word die besigheid nog steeds deur blanke persone bestuur. Die grootste skade word egter aangerig deur besighede wat 'window-dressing' gebruik en dan kompeteer met opregte swart bemagtigingsbesighede onder die swart bemagtigingsvaandel. Die swart entrepreneurs is die groep wat die meeste verloor as gevolg hiervan.<sup>76</sup> 'Window-dressing' ondermyn die hele doelstelling

---

73 Blanke, nie gestremde mans stel 7% van die bevolking daar. Die hoë persentasie (93%) wat ingesluit word in die teikengroep vir regstellende aksie laat 'n mens wonder waarom dit nodig is. Anders gesien, die feit dat regstellende aksie 93% van die bevolking wil bevoordeel, dui op die dominasie van die res.

74 Hierdie wet is slegs in Engels beskikbaar.

75 A 1(2) van die *Skills Development Act 97* van 1998.

76 Bidoli & McLeod *Financial Mail* 13 November 1998 101.

van swart bemagtiging wat ekonomiese groei en die ontwikkeling van die vaardighede van swartmense tot gevolg moet hê.

### ***10.1 Waarom maak besighede van "window-dressing" gebruik?***

Daar word baie redes vir die gebruik van 'window-dressing' verskaf. Die een is dat bemagtiging beskou word as 'n totale uitgawe. Geld is belangrik en daarom sal 'window-dressing' voorkom vir solank as wat besighede daarmee kan wegkom. Nog 'n rede is die gebrek aan tyd. Daar bestaan druk om die bestuursvlak goed te laat lyk. Somtyds word 'window-dressing' gebruik omrede dit moeilik is om professionele swartmense te vind. Die persone wat hierdie argumente teenstaan, is van mening dat 'window-dressing' bewys lewer dat blanke besighede traag is om ekonomiese mag aan swartmense oor te dra. Die argument dat professionele swartmense moeilik is om te vind, word verwerp deur die teenargument wat bepaal dat besighede nie in die regte plekke soek nie. Daar bestaan ook die moontlikheid dat besighede met opset nie geskikte swartmense in diens neem nie net om te wys dat regstellende aksie nie suksesvol kan wees nie.

'Window-dressing' sal egter nie bestaan indien daar nie swartmense is wat gewillig is om daaraan deel te neem nie. Daar is baie redes vir hierdie deelname. Die grootste hiervan is die menslike begeerte vir die verkryging van vinnige en maklike geld of rykdom. Die wat oor 'n werk beskik, word onder finansiële druk geplaas om vir hul gesinne te sorg. Indien 'n besigheidstransaksie hom voordoen, sal die meeste mense die geleentheid aangryp. Die verg baie van 'n persoon om 'n baie voordelige aanbod van die hand te wys.

### ***10.2 Die regering se rol ten opsigte van "window-dressing"***

Die regering kan ook in 'n sekere mate vir die voorkoms van 'window-dressing' geblameer word. Die praktyk van 'window-dressing' kom voor omrede die regering se uitoefening van beheer ten opsigte van bemagtiging swak is. Daar word deur die regering erken dat hulle nie voldoende georganiseer en gekoördineer is om die sistematiese implementering van regstellende aksie tot

gevolg te hê nie.<sup>77</sup> Dit word ook gestel dat die regering bemagtigingsbesighede uitsluit van tenders ag gevolg van hul vereistes wat hulle aan tenders stel.

### **10.3 Vaardigheidstekort**

As gevolg van die apartheidsonderwysstelsel is die mark ten opsigte van opgeleide swart Suid-Afrikaners baie klein. Omrede die aanvraag na professionele swartmense baie hoog is, het dit tot gevolg dat hierdie swartmense oor 'n baie hoër premie beskik as die van hul blanke teenstanders. Die regering word ook hierdeur beïnvloed. Professionele swartmense prys hulself uit die ekonomie en dit skep probleme vir die regering omrede die vaardighede van swartmense onbekostigbaar duur is.<sup>78</sup> Die vaardigheidstekort word ook veroorsaak deur sogenaamde 'brain drain'. Baie opgeleide blanke persone het die land die afgelope paar jaar verlaat. Daar word gestel dat baie van die persone die land verlaat het as gevolg van die onsekerheid ten opsigte van die politiese veranderinge wat na 1994 sou volg. Die hoë misdaadsyfer, die verswakking van standaarde en dienste en die onstuimigheid van die onderwysstelsel word ook as redes gegee. Baie het die land verlaat om aan hulle kinders 'n beter toekoms te verleen, aangesien hulle glo dat hulle nie oor 'n goeie toekoms in Suid-Afrika beskik nie. As 'brain drain' egter bespreek word, moet daar nie uit die oog verloor word dat persone met hoër onderwysgrade meer mobiel is as ooit te vore nie en dat Suid-Afrika weer in die wêreldgemeenskap aanvaar word.

## **11 Toekoms**

### **11.1 Die toekoms van swart ekonomiese bemagtiging**

Daar bestaan tekens wat daarop dui dat daar oorbeweeg word na 'n nuwe fase van bemagtiging. Dit is duidelik te sien in die wetgewing wat in 2004 ten opsigte hiervan inwerking getree het. In 2000 het bemagtigingsooreenkomste op die Johannesburgse Aandelebeurs gedaal na dieselfde vlakke as in 1996.<sup>79</sup>

---

77 Wadula *Business Day* 11 Mei 2000 2.

78 Wadula *Business Day* 2 Oktober 2000 1.

79 Thöle *Business Day* 4 Mei 2001 3.

Werkloosheid onder jong, swart Suid-Afrikaners is byna 40 persent en slegs 2 persent van die besighede gelys op die Johannesburgse Aandelebeurs is in die besit van swartmense. Swart ekonomiese bemagtiging kan dus as daar na hierdie feite gekyk word, as onsuksesvol beskou word. Alle mense sien dit egter nie in hierdie lig nie en word die wat swart ekonomiese bemagtiging as onsuksesvol beskou, daarvan beskuldig dat hulle swart ekonomiese bemagtiging as te eng sien. Ongeag van die standpunt wat ingeneem word kan, daar nie getwyfel word aan die toenemende politiese en ekonomiese belangrikheid van swart ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika nie.

Die roete wat swart ekonomiese bemagtiging in die toekoms sal volg, sal baie afhang van die regering. Dus word daar algemeen aanvaar dat daar nie 'n groot verandering ten opsigte van die rol wat die staat in swart ekonomiese bemagtiging speel, sal wees nie. Die regering is van mening dat die huidige wetgewende raamwerk wat in plek is voldoende sal wees om die toekoms van die bemagtigingsproses te verseker indien daar genoegsame tyd gegun word. Indien die bemagtigingsproses tot dusver geoordeel moet word en daar voorstelle gemaak moet word vir 'n gepaste weg in die toekoms, moet die realiteit van die eerste bemagtigingsooreenkomste oorweeg word. Baie belowende swart ekonomiese bemagtigingsooreenkomste was onsuksesvol omrede die ekonomie nie gereed was om hierdie ooreenkomste te akkommodeer nie. Ten tye van hierdie ooreenkomste het daar geen regulerende struktuur bestaan om hierdie ooreenkomste te reguleer of te ondersteun nie.

Met die inwerkingtreding van staatsbeheerde ondernemings en wetgewing ten opsigte van regstellende voorkeur, word hierdie twee areas beskou as die gebiede wat bemagtiging sal bevorder. Die gebrek aan finansiering sal egter steeds die groot struikelblok vir bemagtiging in die toekoms wees. Die staat se pogings om kapitaal te verkry vir bemagtiging was nie so suksesvol soos daar gehoop is nie. Dit word gestel dat die privaatsektor se hulp benodig word om hierdie probleem aan te spreek.

## 12 Aanbevelings aan maatskappye

Die-doel van hierdie skripsie was om die kern van die komplekse transformasie wat in Suid-Afrika plaasvind aan te toon. Om 'n uitgebreide studie van swart ekonomiese bemagtiging in 'n skripsie van hierdie aard te doen is nie uitvoerbaar nie en was dit ook nie die doel van hierdie skripsie nie. Daar is gepoog om die leser van hierdie skripsie se aandag te vestig op die belangrikheid van 'n goed, deurdenkte, swart ekonomiese bemagtigingstrategie vir besigheidsdoeleindes in Suid-Afrika. Ten slotte sal daar dus gewys word op die belangrikheid daarvan om die korrekte bemagtigingsvennoot te kies, swart ekonomiese bemagtiging as 'n besigheidsnoodsaaklikheid te beskou en die transformasie wat binne die maatskappy moet plaasvind.

### *12.1 Die keuse van 'n bemagtigingsvennoot*

'n Maatskappy in Suid-Afrika wat besigheid met 'n openbare entiteit wil doen, benodig in die meeste gevalle 'n bemagtigingsvennoot. Die keuse van so 'n vennoot hang af van elke maatskappy se omstandighede onderhewig aan die doel, omvang en voortbestaan van die maatskappy. Dit is egter van uiterste belang dat die regte bemagtigingsvennoot gekies word om die sukses van die besigheid of maatskappy in Suid-Afrika te verseker. Voordat daar 'n vennootskap met 'n bemagtigingsmaatskappy aangegaan word, is dit van groot belang dat daar bepaal moet word vir watter doeleindes die vennootskap aangegaan word en wat die rol wat die vennoot speel, sal wees. Dit is dus moontlik om 'n ongeskikte struktuur of samestelling en teleurstellings ten opsigte van deelname en vaardigheidsoordrag te voorkom.<sup>80</sup> 'n Maatskappy wat op die uitkyk is vir 'n bemagtigingsvennoot moet ingelig wees ten opsigte van die belangrikheid om tyd en hulpbronne te spandeer aan die keuringsprosesse en om nie bloot 'n vennootskap aangaan met die eerste bemagtigingsmaatskappy waarmee hy in aanraking kom nie.

---

80 BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004].

## ***12.2 Swart ekonomiese bemagtiging as 'n besigheidsnoodsaaklikheid***

Soos daar uit die skripsie afgelei kan word, beïnvloed swart ekonomiese bemagtigings alle besigheidsvlakke in Suid-Afrika. Voldoening aan wetgewende vereistes is afhanklik van die maatskappy se grootte, besigheidsveld en die omvang van besigheidsverhoudinge met staatsorgane of entiteite. Die regering het 'n lang pad geloop om die fondasie te lê vir die voortbou van die bemagtigingsproses en dus word daar al hoe meer druk vanaf die regering op die besigheidsektor geplaas om swart ekonomiese bemagtiging te aanvaar.

'n Maatskappy in Suid-Afrika bepaal sy eie benadering tot die hantering van swart ekonomiese bemagtigingsregulasies en vereistes. Die volgende word dus as noodsaaklik geag vir 'n maatskappy in Suid-Afrika:

Formele en korrekte voldoening aan die bemagtigingsregulasies, die aktiewe voldoening aan bemagtigingsregulasies al is die maatskappy nie 'n aangewese maatskappy volgens die wetgewing nie en om swart ekonomiese bemagtiging as 'n besigheidsnoodsaaklikheid te beskou en te aanvaar.

Die eerste twee benaderings is voldoende om aan die doel van swart ekonomiese bemagtigingsregulasies te voldoen en om ondersteuning aan die proses toe te sê deur aktiewe voldoening. Indien die suksesvolle langtermyn voortbestaan van die maatskappy in Suid-Afrika die doel van die maatskappy is moet swart ekonomiese bemagtiging nie net gesien word as die blote voldoening aan regulasies en wetgewing nie, maar ook as een van die kernstrategieë van die maatskappy.

### **12.2.1 Swart ekonomiese bemagtiging as 'n mededingende voordeel**

Die voldoening aan swart ekonomiese bemagtigingsvereistes sal groei in belangrikheid indien 'n maatskappy met die regering sal wil besigheid doen. Veral maatskappye wat afhanklik is van kontrakte met staatsorgane of entiteite sal die belangrikheid van die voldoening aan swart ekonomiese bemagtigingsvereistes moet besef. Soos gesien kan word in hierdie skripsie word die omvang van maatskappye wat geraak word deur bemagtigingsvereistes al hoe

breër. Daar word gestel dat die druk om swart ekonomiese bemagtiging in die toekoms te aanvaar vanaf die mark self sal kom.

### *12.3 Transformasie binne die maatskappy*

Indien 'n maatskappy swart ekonomiese bemagtiging as een van sy kernstrategieë wil vestig, sal transformasie van binne moet geskied. Die maatskappy moet beseef dat die regulerende vereistes wat op maatskappye geplaas word 'n positiewe invloed kan hê indien daar toewyding by die maatskappy teenwoordig is. Die maatskappy moet toewyding aan swart ekonomiese bemagtiging beskou as 'n geleentheid om die kapasiteit van die maatskappy uit te brei om sodoende hul toekomstige sukses te verseker, eerder as om dit te sien as 'n dreigement van straf indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie. Dit is ook noodsaaklik dat daar 'n kultuur van aanvaarding en bevordering van swart ekonomiese bemagtiging by die maatskappy geskep word.

Die ontwikkelingsproses van alle aspekte van swart ekonomiese bemagtiging vereis kennis en toewyding. Dit sal baie van die maatskappy se tyd en hulpbronne in beslag neem. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat swart ekonomiese bemagtiging vir 'n maatskappy in Suid-Afrika 'n belegging daarstel – aan die einde van die dag maak dit besigheidsin om die ekonomiese basis van die samelewing uit te brei.

## **13 Slot**

Die groot vraag (probleemstelling) wat ontstaan vanuit hierdie skripsie nadat al die inhoud hierin vervat oorweeg is, kan soos volg saamgevat word: Gaan swart ekonomiese bemagtiging gelykheid tot gevolg hê?

Daar bestaan geen twyfel dat die regering op die regte spoor is met hul beleid ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging nie. Daar is al verskeie sektore wat beskik oor handveste om uiting aan hierdie bemagtiging te gee. Die probleem ontstaan egter dat hierdie handveste en swart ekonomiese bemagtiging in die algemeen nie veel gaan bydra tot die bemagtiging van die persoon in die informele nedersetting nie. Hierdie persoon beskik steeds oor geen of baie min

hulpbronne (en hy beskik oor geen geld om aandele in 'n swart ekonomiese bemagtigende maatskappy te koop nie. Dus sal hierdie maatskappye aandele in hul maatskappye gratis moet uitreik wat tot gevolg sal hê dat hulle dividende sal moet uitbetaal aan aandeelhouders wat geen ekonomiese bydrae tot die maatskappye gemaak het nie) in teenstelling met die ryk persoon wat oor genoegsame hulpbronne beskik om homself nog verder te bemagtig. Hierdie persoon sal ook baie makliker finansiële hulp vanaf banke verkry. Dus gaan die ryk persoon verder bemagtig word en gaan die arm persoon geen voordeel trek uit die regering se bemagtigingsbeleid nie.

Daar kan duidelik gesien word vanuit die beleid van die regering dat hul poog om gelykheid te bewerkstellig deur middel van swart ekonomiese bemagtiging. Die ideaal van die regering ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging en gelykheid kan geprys word en selfs aangemoedig word, maar daar kom 'n tyd dat daar na die realiteite gekyk moet word en besef moet word dat swart ekonomiese bemagtiging slegs sekere persone gaan bevoordeel (wat nie die massa insluit nie) en dus gaan dit nie gelykheid tot gevolg hê nie. Baie van die maatskappye en besighede gaan slegs aan swart ekonomiese bemagtiging voldoen omrede hul verplig word deur wetgewing om daaraan te voldoen en nie omrede hul voel dat dit hul plig is om daaraan te voldoen nie. Die antwoord op die vraag of swart ekonomiese bemagtiging gelykheid tot gevolg gaan hê, is dus vanuit my opinie en na noukeurige bestudering van die onderwerp, 'n oorweldigende nee.

Indien die kumulatiewe effek van die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998, die *Skills Development Act* 97 van 1998 en die wetgewing tans onder bespreking in ag geneem word, behoort die effek tog 'n verbetering van die posisie van die swartmense met betrekking tot gelyke geleenthede tot gevolg te hê.

Die afdwinging van wetgewing wat swart bemagtiging reël, is een van die grootste probleme wat bestaan. Dit blyk egter uit die praktyk dat die telkaart 'n groot rol speel. Die blote feit dat die groter maatskappye punte kan verdien deur van 'n bemagtigende onderneming as verskaffer gebruik te maak, is 'n belangrike afdwingingsmeganisme. Groter ondernemings plaas nou druk op

hulle verskaffers om te bemagtig. Indien die verskaffer nie bemagtig wil word nie verloor hulle die besigheid tot voordeel van die wat reeds bemagtig. Die groter mynhuise soos Anglogold en Angloplats maak ekstensief van hierdie metode van druk gebruik om vir hulself punte te verdien. Verder het Anglo reeds verskeie kleiner bemagtigingsorganisasies gefinansier wat ook verdere punte verdien. In die geheel, alhoewel nie heeltemal effektief nie, sien ons toenemende druk op kleiner ondernemings om te voldoen aan die bemagtigingskriteria om oorlewing te verseker.

## **Bibliografie**

### ***Grondwette***

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996

### ***Wette***

*Preferential Procurement Policy Framework Act* 5 van 2000: *Draft Regulations, Department of State Expenditure* Junie 2000

*Regulations concerning the Registration of Intended Learnership and Learnership Agreements, Skills Development Act* 97 van 1998

*Skills Development Act* 97 van 1998

*Skills Development Levy Act* 9 van 1999

*Wet op die Nasionale Bemagtigingsfonds* 105 van 1998

*Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid* 5 van 2000

*Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998

### ***Regeringsdokumente***

Department of Finance: *Guidelines for Public-Private Partnership* April 2000

Department of Labour: *What employers need to know about the Skills Development Levy* 1999

Green Paper on Public Sector Procurement Reform in South Africa: *An Initiative of Ministry of Finance and the Ministry of Public Works* April 1997 (Policy Framework for the Restructuring of SOE's)

Growth, Employment and Redistribution: *A Macroeconomic Strategy* Junie 1996

Ministry of Public Enterprises: *An Accelerated Agenda Towards the Restructuring of State Owned Enterprises: Policy Framework* Augustus 2000

Procurement Task Team: *An Initiative of the Ministries of Finance and Public Work Interim Strategies: Public Sector Procurement Reform in South Africa: a 10-Point Plan* November 1995

*RDP White Paper, Discussion Document* September 1994

The Reconstruction and Development Programme: *A Policy Framework* 1994

*Treasury Regulations for department, constitutional institutions, public entities, Parliament and provincial legislatures, National Treasury* Me 2000

### ***Literatuur***

Abeluleki Consulting, draft document: *Towards an Economic Empowerment Strategy in South Africa* 2000

BEE Commission: *BEEC Black Economic Empowerment Project, Draft Report* Junie 1999

BEE Commission: *Draft Discussion Document* September 2000

BEE Commission: *Executive Summary Report* 2000

CDE: The Centre for Development and Enterprise: *Affirmative action: Is south Africa heading down a route which many African Americans are rethinking?* 19 May 1998

Ford CA "Challenges and Dilemmas of Racial and Ethnic Identity in American and Post-Apartheid South African Affirmative Action" *UCLA Law Review* Vol 43 No 6 Augustus 1996

Kanay A *Affirmative Action and Popular Perceptions: The Case of South Africa, Society* (New Brunswick USA 2000)

Le Roux PAK *The Broad-based Socio-economic Empowerment Charter of the South African Mining Industry: A Discussion* Black Economic Empowerment and Commercial Law Workshop Johannesburg 26 Augustus 2004

Madala TH "Affirmative Action: A South African Perspective" *SMU Law Review* Vol 52 No 4 Fall 1999

Mamabolo C *BEE procurement and the Financial Sector Charter (FSC) in practice Workshop IV: Procurement and Tendering; Competition and Intellectual Property* Black Economic Empowerment and Commercial Law Workshop Johannesburg 26 Augustus 2004

Naledi National Labour & Economic Development Institute: *The evolution of Black Economic Empowerment in South Africa: From the lenses of business, the tripartite alliance, community groups and the apartheid and post-apartheid governments* (1985-1999), Omano Emma Edigheji, Johannesburg May 2000

Naledi *Policy Bulletin* Vol 2 No 4 Johannesburg November 1999

Singh YD *The Financial Sector Black Economic Empowerment Charter* Workshop 1: Financial Institutions Black Economic Empowerment and Commercial Law Workshop Johannesburg 26 Augustus 2004

TIPS: Trade and Industrial Policy Secretariat: *Growth and Investment in South Africa*, Johannesburg 21 September 1999

Tummula KK *Policy of Preference: Lessons from India, the United States and South Africa*, Public Administration Review, November/December 1999 Vol 59 Issue 6 Washington D.C USA

### ***Skryfstukke***

Gumede S *The Financing of Black Economic Empowerment: the SPV Funding Model and Section 38 of the Companies Act*, University of the Witwatersrand, Johannesburg May 2000

Van Niekerk TA *Enabling Legislation for SMME (Small, Medium and Micro Enterprise) Development: Defining the Participants and Administering the*

*Rules in an Affirmative Public Sector Procurement Programme*, University of South Africa, Pretoria June 1998

***Tydskrifte***

***Enterprise: Networking for Africa's entrepreneurs and leaders***

Bukula A "A long haul: cover story" April 2004

Filtane Z "BEE that works: cover story" Junie 2000 24-26

Harris S "BEE – quest for more workable models: JSE empowerment" Oktober 1999 24-26

Madi P "Black faces for hire" Februarie 1998 30

Mangcu X en Thomas N "BEE the missing factor: black economic empowerment: BEE's unsung heroes: black empowerment" Junie 2000 39-40

Mazwai T en Pillay N "Urgent need to develop skills : special editorial on prescribed assets; 'Asian Tigers' did it, so can we...: BEE-prescribed assets" Julie 2000 28

Mazwai T "Need to clean up: home truths" May 2000 10

Ndebele Z "A long way toward combating racism: racism conference" Oktober 2000 22

Ndebele Z "BEE moves to phase two: black economic empowerment" Oktober 2000 35-36 46

Ndebele Z en Pungula S "Stop-go for GEAR?: cover story" November 2000

***Financial Mail***

Bidoli M en McLeod D "Black empowerment engine not in gear: government tenders; Burial to the elephants: IBM: information technology" 13 November 1998 101

Gqubule D "Time to take stock: black empowerment: economy and business"  
4 Junie 1999 44-46

Gqubule D en Mazwai T "Still not happening: black empowerment; Time for  
real empowerment deals has come: by invitation: opinion: companies and  
markets" 24 September 1999 60-62

Lloyd T en Mthimkhulu P "Hat-trick needed: Black Empowerment  
Commission; Sugar daddy has a win-win programme: entrepreneurship:  
economy and business" 29 September 2000 44-46

Mahabane I en Mthimkhulu P "Panel tussles with an issue blurred by lack of  
definition: black economic empowerment; How many does it take? Eskom:  
economy and business" 17 Maart 2000 60-61

Roberts A "Hell for blacks too?: affirmative action: Head-hunters on the  
prowl: the price of the black skills shortage; The temptation of tokenism: why  
quotas don't work: cover story" 21 Februarie 2000 18-20 22

Sikhakhane J "Oiling the financial wheels of black empowerment: open season:  
opinion: economy and business" 13 November 1998 60

### *Finance Week*

Anon "Racism, confidence and the economy; Tale of the two Mbowenis:  
comment" 8 September 2000 11

Pereira P "Renaissance rules, OK?; Trying for black; What the Courts say:  
affirmative action: cover story" 18 Augustus 2000 12-14

Slabber E en Mazwai T "Consumers go shopping again: retail; Empowerment:  
wrong message: speakers' corner: the big picture" 4 Februarie 2000 20-21

### *Newsweek*

Cose E "Easy street looks like a dead end" 12 Junie 1999 26-27

## *Koerante*

### **Business Day**

Chalmers R "Eskom boosts empowerment: Electricity company doubles spending to R3,9bn, using procurement budget and support programmes" 15 Maart 2002 13

Chalmers R "Transnet gets wake-up call on tenders" 15 November 2000 1

Dludlu J en Wadula P "Delay in report threatens black empowerment: Commission's proposals likely to disappoint many" 26 Maart 2001 11

Mothibeli T "Free State acts to improve tendering" 10 Mei 2001 5

Sibuyi N "In search of a common economic foundation" 8 November 2000 14

Thöle D "Past year gloomy for black empowerment: BusinessMap finds that value of deals slid to 1996 levels" 4 Mei 2001 3

Wadula P "Corporate empowerment review: Black business progress to be analysed by commission" 11 Mei 2000 2

Wadula P "Delays no good for SA" 19 Februarie 2001 9

Wadula P "Empowerment body wants policies revised" 2 Oktober 2000 1

Wadula P "Government appoints first CEO of empowerment fund: For years the launch of the national fund, meant to 'create millions of millionaires' was just an idea" 6 April 2001 3

### **The Star**

Mon S "SA not ready for the global stage, says the BMF" 25 Oktober 2000 12

## *Internet*

BEE Commission [gevind op internet] <http://www.beecom.org.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004]

Black Management Forum [gevind op internet] [http://www.bmfon\\_line.co.za](http://www.bmfon_line.co.za)  
[Datum van gebruik 22 Maart 2004]

BusinessMap [gevind op internet] <http://www.businessmap.co.za> [Datum van  
gebruik 22 Maart 2004]

Department of Labour [gevind op internet] <http://www.labour.gov.za> [Datum  
van gebruik 22 Maart 2004]

Industrial Development Corporation [gevind op internet] <http://www.idc.co.za>  
[Datum van gebruik 22 Maart 2004]

Khula Enterprise Finance [gevind op internet] <http://www.khula.org.za> [Datum  
van gebruik 22 Maart 2004]

Ntsika Enterprise Promotion Agency [gevind op internet] <http://www.ntsika.org.za> [Datum van gebruik 22 Maart 2004]